

PROVINCE OF WESTERN CAPE

**WESTERN CAPE PROVINCIAL
SCHOOL EDUCATION ACT, 1997**

(As amended)

(Minister of Education)

[For purposes of interpretation, the Gazette versions of the Western Cape Provincial School Education Act, 1997 (Act 12 of 1997), the Western Cape Provincial School Education Amendment Act, 2010 (Act 7 of 2010) and the Western Cape Provincial School Education Amendment Act, 2018 (Act 4 of 2018) must be consulted at all times.]

[No. 12—1997]

PROVINSIE WES-KAAP

**WES-KAAPSE PROVINSIALE
WET OP SKOOLONDERWYS, 1997**

(Soos gewysig)

(Minister van Onderwys)

[Ter wille van die doeleindes van interpretasie, moet die Koerant-weergawes van die Wes-Kaapse Provinsiale Wet op Skoolonderwys, 1997 (Wet 12 van 1997), die Wes-Kaapse Provinsiale Wysingingwet op Skoolonderwys, 2010 (Wet 7 van 2010) en die Wes-Kaapse Provinsiale Wysingingwet op Skoolonderwys, 2018 (Wet 4 van 2018) te alle tye geraadpleeg word.]

[Nr. 12—1997]

IPHONDO LENTSHONA KOLONI

**UMTHETHO WEMFUNDO WEZIKOLO
ZEPHONDO LENTSHONA KOLONI**

KA-1997

(Ofakelwe izilungiso)

(UMphathiswa weMfundo)

[Ukulungiselela iinjongo zokucaciswa kwentsingiselo, iinguqulelo zeGazethi yoMthetho weMfundo weZikolo zePhondo leNtshona Koloni, 1997 (uMthetho 12 ka-1997), uMthetho oFakela izilungiso kuMthetho weMfundo weZikolo zePhondo leNtshona Koloni, 2010 (uMthetho 7 ka-2010) kunye noMthetho oFakela izilungiso kuMthetho weMfundo weZikolo zePhondo leNtshona Koloni, 2018 (uMthetho 4 ka-2018), mayifundwe ngawo onke amaxesha.]

[No. 12—1997]

WET

Om voorsiening te maak vir 'n eenvormige onderwysstelsel vir die organisasie, bestuur en finansiering van alle skole; tot herroeping van sekere wette wat op skole betrekking het; en om voorsiening te maak vir die spesifieke onderwysbehoefte van die provinsie.

AANHEF

NADEMAAL die Provinsie Wes-Kaap die belangrikheid erken van alle *onderwys* om burgers in staat te stel om die ongelykhede van die verlede te oorkom ten einde hul potensiaal in 'n toenemend mededingende en komplekse provinsiale, nasionale en internasionale ekonomie te verwesenlik; en

NADEMAAL dit vir hierdie doel noodsaaklik is dat alle *leerders* toegang moet hê tot die hoogste gehalte van *basiese onderwys* wat die *provinsie* kan voorsien en wat die beginsels en waardes van die *Grondwet* van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, veral die regte van kinders, sal handhaaf terwyl die hoogste standaard van verantwoordbaarheid van hierdie *leerders*, hul *ouers*, *skoolbeheerliggame*, *opvoeders* en *beamptes* vereis word,

[Aanhef is by art. 1 van Wet 7 van 2010 vervang.]

WORD DAAR DERHALWE deur die Provinsiale Parlement van die Provinsie Wes-Kaap soos volg bepaal:—

HOOFSTUK 1

TOEPASSING VAN WET

Woordomskrywing

1. In *hierdie Wet*, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

“*Adjunkhoofvalueerder*” die leidende evalueerder van skole aangestel ingevolge artikel 11A(4)(a);

[Omskrywing van “Adjunkhoofvalueerder” is by art. 1(a) van Wet 4 van 2018 ingevoeg.]

“*basiese onderwys*” *onderwys* van *graad R* (Ontvangs) tot *graad 12*;

[Omskrywing van “basiese onderwys” is by art. 2(a) van Wet 7 van 2010 ingevoeg.]

“*beampte*” ’n werknemer van die *Wes-Kaap Onderwysdepartement* wat aangestel is kragtens die *Wet op die Indiensneming van Opvoeders*, of die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 van 1994); (xxv)

[Omskrywing van “beampte” is by art. 27 van Wet 7 van 2010 gewysig.]

“*bedryfsvennoot*” ’n organisasie sonder winsoogmerk wat gemagtig is om sy kapasiteit, vaardighede of hulpbronne beskikbaar stel aan ’n *saamwerksskool* om die *beheerliggaam*, *skoolbestuurspan* en *opvoeders* by die *skool* te bemagtig om die nodige stelsels, strukture, kulture en kapasiteite te ontwikkel om gehalteonderwys te lewer;

[Omskrywing van “bedryfsvennoot” is by art. 1(b) van Wet 4 van 2018 ingevoeg.]

“*beheerliggaam*” ’n beheerliggaam in artikel 21 van *hierdie Wet* bedoel; (xii)

“*Departementshoof*” die hoof van die *Wes-Kaap Onderwysdepartement*; (xiv)

“*distriksdirekteur*” die hoof van ’n distrikskantoor, wat werksaamhede verrig kragtens bevoegdhede gedelegeer deur die *Departementshoof*;

“*donateur*” ’n persoon beoog in artikel 12C(2)(a) of 12D(1) wat fondse of eiendom aan ’n *saamwerksskool* of ’n *donateurbefondsde openbare skool* verskaf ten einde die lewering van *onderwys* in die *provinsie* te verbeter;

“*donateurbefondsde openbare skool*” ’n *openbare skool* beoog in artikel 12D;

“*Evalueerder*” ’n evalueerder van skole wat ingevolge artikel 11A(4)(b) aangestel is;

[Omskrywings van “distriksdirekteur”, “donateur”, “donateurbefondsde openbare skool” en “Evalueerder” is by art. 1(c) van Wet 4 van 2018 ingevoeg.]

“*finansiële hoof*” die *Provinsiale Minister* verantwoordelik vir die finansiële sake van die *provinsie*; (x)

[Omskrywing van “finansiële hoof” is by art. 2(b) van Wet 7 van 2010 vervang.]

“**gekombineerde skool**” ’n skool wat primêre en sekondêre *onderwys* verskaf tot ’n *graad* hoër as die negende *graad* maar nie hoër as die twaalfde *graad* nie; (iii)

“**gemagtigde persoon**” ’n persoon deur die *Departementshoof* daartoe gemagtig om ’n inspeksie ingevolge artikel 20 van *hierdie Wet* uit te voer; (ii)

[Omskrywing van “georganiseerde onderwysprofessie” is by art. 2(c) van Wet 7 van 2010 geskrap.]

“**gespesialiseerde onderwys**” *onderwys* en ondersteuning van ’n gespesialiseerde aard wat verskaf word om in die behoeftes van *leerders met spesiale onderwysbehoefte* te voorsien; (xLii)

“**gevaarlike voorwerp**” —

(a) enige ontplofbare stof of toestel;

(b) enige vuurwapen of gaswapen;

(c) enige artikel, voorwerp of instrument wat gebruik kan word om ’n persoon liggaamlik te beseer of skade aan eiendom aan te rig, of om ’n persoon tydelik verlam of bewusteloos te laat; of

(d) enige voorwerp wat—

(i) die *Nasionale Minister* kragtens die *Suid-Afrikaanse Skolewet* vir die doeleindes van daardie Wet tot gevaarlike voorwerp verklaar; of

(ii) wat die *Provinsiale Minister* by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* tot gevaarlike voorwerp verklaar vir die doeleindes van *hierdie Wet*;

[Omskrywing van “gevaarlike voorwerp” is by art. 2(d) van Wet 7 van 2010 ingevoeg.]

“**graad**” dié gedeelte van ’n *onderwysprogram* wat ’n *leerder* binne die bestek van een skooljaar kan voltooi of enige ander *onderwysprogram* wat die *Provinsiale Minister* mag ag gelykwaardig daaraan te wees; (xiii)

[Omskrywing van “graad” is by art. 27 van Wet 7 van 2010 gewysig.]

“**Grondwet**” die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;

[Omskrywing van “Grondwet” is by art. 2(e) van Wet 7 van 2010 gewysig.]

“**hierdie Wet**” sluit die *regulasies* in;

[Omskrywing van “hierdie Wet” is by art. 2(f) van Wet 7 van 2010 vervang.]

“**Hoofevalueerder**” die hoofevalueerder van skole, aangestel ingevolge artikel 11A(2);

“**intervensiefasiliteit**” ’n fasiliteit beoog in artikel 12E;

[Omskrywings van “Hoofevalueerder” en “intervensiefasiliteit” is by art. 1(d) van Wet 4 van 2018 ingevoeg.]

“**koshuis**” ’n koshuis kragtens artikel 4(1)(a) van *hierdie Wet* ingestel; (xv)

“**kringbestuurder**” die hoof van ’n kringkantoor in ’n *onderwysdistrik* wat werksaamhede verrig wat deur die *distriksdirekteur* of die *Departementshoof* toegewys is;

[Omskrywing van “kringbestuurder” is by art. 1(e) van Wet 4 van 2018 ingevoeg.]

“**leerder**” enige persoon wat *onderwys* ontvang of wat verplig is om *onderwys* te ontvang kragtens *hierdie Wet*; (xix)

“**leerder met spesiale onderwysbehoefte**” ’n *leerder* met aanvullende *onderwysbehoefte* vir wie daar binne gewone *openbare skole* vir sover dit redelikerwys uitvoerbaar is, of ’n *skool vir leerders met spesiale onderwysbehoefte*, voorsiening gemaak word; (xx)

[Omskrywing van “Lid van die Uitvoerende Raad” is by art. 2(g) van Wet 7 van 2010 geskrap.]

“**middelbare skool**” ’n *skool* wat primêre en sekondêre *onderwys* tot hoogstens die negende *graad* verskaf; (xviii)

“**Nasionale Minister**” beteken die Minister in die Nasionale Regering verantwoordelik vir *basiese onderwys*;

[Omskrywing van “Nasionale Minister” is by art. 2(h) van Wet 7 van 2010 vervang.]

“**onafhanklike skool**” ’n *skool* wat ingevolge artikel 30 van *hierdie Wet* geregistreer is as ’n onafhanklike skool of geag word aldus geregistreer te wees; (xvi)

“**onafhanklike skool vir leerders met spesiale onderwysbehoefte**” ’n *skool* wat ingevolge artikel 30 van *hierdie Wet* geregistreer is as ’n onafhanklike skool vir leerders met spesiale *onderwysbehoefte* of geag word aldus geregistreer te wees; (xvii)

“**onderwys**” onderrig, instruksie of opleiding wat ingevolge *hierdie Wet* aan *leerders* verskaf word; (vi)

“**Onderwysraad**” die Wes-Kaapse Onderwysraad wat kragtens artikel 11 ingestel is;

[Omskrywing van “Onderwysraad” is by art. 2(i) van Wet 7 van 2010 vervang.]

“**onderwys tuis**” *onderwys tuis* soos in artikel 36 van *hierdie Wet* bedoel; (vii)

“**onwettige dwelm**” enige dwelm soos omskryf in die Wet op Dwelms en Dwelmshandel, 1992 (Wet 140 van 1992), wat gebruik word of in besit is strydig met artikel 4 van daardie Wet;

[Omskrywing van “onwettige dwelm” is by art. 2(j) van Wet 7 van 2010 ingevoeg.]

“**openbare skool**” ’n skool wat kragtens artikel 12 van *hierdie Wet* ingestel is of geag word ingestel te wees; (xxxv)

“**opvoeder**” enige persoon, buiten iemand wat aangestel is om uitsluitlik buitemuurse pligte te verrig, wat ander persone by ’n skool onderrig, opvoed of oplei of wat professionele onderwysdienste verskaf, met inbegrip van professionele terapie en opvoedkundig sielkundige dienste;

[Omskrywing van “opvoeder” is by art. 1(f) van Wet 4 van 2018 vervang.]

“**ouer**”—

(a) die ouer of voog van ’n *leerder*;

(b) die persoon met wettige aanspraak op sorg vir ’n *leerder*; of

(c) die persoon wat onderneem om die verpligtinge van ’n persoon in paragrawe (a) en (b) ten opsigte van die *leerder* se opvoeding op skool na te kom; (xxvii)

“**personeellid**” ’n persoon wat by ’n skool in diens is; (xxiii)

“**Premier**” die Premier van die Provinsie Wes-Kaap, wat kragtens artikel 128 van die Grondwet verkies is; (xxviii)

“**preprimêre skool**” ’n skool vir *leerders* van nie jonger as drie jaar en nie ouer as ses jaar nie; (xxix)

“**primêre skool**” ’n skool wat *onderwys* tot hoogstens die sewende *graad* verskaf; (xxx)

“**prinsipaal**” ’n *opvoeder* wat as hoof van ’n skool aangestel is of waarneem; (xxxii)

“**Provinsiale Koerant**” die offisiële koerant waarin goewerments- en ander amptelike kennisgewings van die provinsiale regering gepubliseer word; (xxxiv)

“**Provinsiale Minister**” die Provinsiale Minister verantwoordelik vir *onderwys* in die provinsie;

[Omskrywing van “Provinsiale Minister” is by art. 2(k) van Wet 7 van 2010 ingevoeg.]

“**provinsie**” die Provinsie Wes-Kaap; (xxxiii)

“**regulasie**” ’n *regulasie* kragtens *hierdie Wet* uitgevaardig; (xxxvi)

“**saamwerksskool**” ’n openbare skool beoog in artikel 12C;

[Omskrywing van “saamwerksskool” is by art. 1(g) van Wet 4 van 2018 ingevoeg.]

“**sekondêre skool**” ’n skool wat *onderwys* vanaf nie laer nie as die agste tot hoogstens die twaalfde *graad* verskaf; (xLi)

“**skool**” ’n *openbare skool* of ’n *onafhanklike skool* wat *basiese onderwys* voorsien;

[Omskrywing van “skool” is by art. 2(l) van Wet 7 van 2010 vervang.]

“**skoolaktiwiteit**” ’n opvoedkundige, kulturele, sport-, fondsinsamelings- of sosiale aktiwiteit van die skool binne of buite die perseel van die skool;

[Omskrywing van “skoolaktiwiteit” is by art. 2(m) van Wet 7 van 2010 ingevoeg.]

“**skoolbesoekbeampte**” ’n skoolbesoekbeampte kragtens artikel 10 van *hierdie Wet* aangestel; (xxxix)

“**skoolgeld**” skoolgeld soos beoog in artikel 49, en sluit enige vorm van bydrae van ’n monetêre aard in wat gemaak of betaal word deur ’n persoon met betrekking tot die bywoning of deelname van ’n *leerder* aan enige program van ’n *openbare skool*;

[Omskrywing van “skoolgeld” is by art. 2(n) van Wet 7 van 2010 ingevoeg.]

“**Skoolevalueringsgesag**” die Wes-Kaapse Skoolevalueringsgesag beoog in artikel 11A(1);

[Omskrywing van “Skoolevalueringsgesag” is by art. 1(h) van Wet 4 van 2018 ingevoeg.]

“**skool vir leerders met spesiale onderwysbehoefes**” ’n skool vir leerders met spesiale onderwysbehoefes kragtens artikel 12 van *hierdie Wet* ingestel of ’n *onafhanklike skool* vir leerders met spesiale onderwysbehoefes wat ingevolge artikel 30 van *hierdie Wet* geregistreer is; (xL)

“**skoolverbeteringsplan**” ’n plan wat ’n *openbare skool* se mikpuntprioriteite omskryf vir verbeterde onderwysuitkomstes en om vorm aan die rigting en ontwikkeling van die skool te gee;

[Omskrywing van “skoolverbeteringsplan” is by art. 1(i) van Wet 4 van 2018 ingevoeg.]

“**Suid-Afrikaanse Skolewet**” die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996);

[Omskrywing van “Suid-Afrikaanse Skolewet” is by art. 2(o) van Wet 7 van 2010 ingevoeg.]

“**vakadviseur**” ’n kantoorgebaseerde spesialisopvoeder in ’n distrikskantoor of kringkantoor wie se werk dit is om kurrikulumimplementering te fasiliteer en die omgewing en proses van leer en onderrig te verbeter deur skole te besoek en met *prinsipale* en *opvoeders* oorleg te pleeg en hulle raad te gee oor kurrikulumaangeleenthede;

[Omskrywing van “vakadviseur” is by art. 1(j) van Wet 4 van 2018 ingevoeg.]

“**vasgestelde datum**” die datum van inwerkingtreding van *hierdie Wet*; (xi)

“*verpligte skoolbywoning*” verpligte skoolbywoning kragtens artikel 42 van *hierdie Wet* ingestel; (iv)

“*verteenwoordigende raad van leerders*” ’n verteenwoordigende raad van leerders soos ingestel kragtens artikel 48 van *hierdie Wet*; (xxxvii)

[Omskrywing van “volwasse onderwys” is by art. 1(k) van Wet 4 van 2018 geskrap.]

“*voorgeskrif*” by *regulasie* ingevolge *hierdie Wet*, of enige ander wet voorgeskryf; (xxx)

“*Wes-Kaapse Onderwysdepartement*” die provinsiale departement verantwoordelik vir onderwys in die *provinsie*;

[Omskrywing van “Wes-Kaapse Onderwysdepartement” is by art. 2(p) van Wet 7 van 2010 vervang.]

[Omskrywing van “Wetgewer” is by art. 2(q) van Wet 7 van 2010 geskrap.]

“*Wet op die Indiensneming van Opvoeders*” die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998).

[Omskrywing van “Wet op die Indiensneming van Opvoeders” is by art. 2(r) van Wet 7 van 2010 bygevoeg.]

HOOFSTUK 2

UITVOERING VAN WET

Beheer oor onderwys

2. Behoudens die bepalings van *hierdie Wet*, setel *onderwys* in *skole* in die *provinsie* in die *Provinsiale Minister* en staan onder die beheer van die *Wes-Kaap Onderwysdepartement*.

[Art. 2 is by art. 27 van Wet 7 van 2010 gewysig.]

Bepaling van provinsiale onderwysbeleid

3. (1) Behoudens die bepalings van die *Grondwet*, kan die *Provinsiale Minister*, indien nodig, van tyd tot tyd die beleid bepaal wat ten opsigte van *onderwys* in *skole* in die *provinsie* gevolg moet word, met inagneming van die volgende beginsels, naamlik dat—

[Woorde wat paragraaf (a) voorafgaan, is by art. 27 van Wet 7 van 2010 gewysig en by art. 2 van Wet 4 van 2018 vervang.]

- (a) elke *leerder* geregtig is op *basiese onderwys* by sy of haar naaste gewone *openbare skool*, vir sover dit redelikerwys uitvoerbaar is;
- (b) elke *leerder* geregtig is op billike toegang tot *openbare skole*;
- (c) elke *leerder* die reg het om *onderwys* in die amptelike taal of tale van keuse te ontvang, met inbegrip van die reg om enige amptelike taal as vak te neem, vir sover dit redelikerwys uitvoerbaar is;
- (d) *onderwys*—
 - (i) verskaf word ooreenkomstig die behoeftes, bekwaamhede, aanlegte en belangstellings van die *leerders* en die behoeftes van die land;
 - (ii) gerig sal wees op die bereiking van billike onderwysgeleenthede en die regstelling van vorige onderwysongelykheid;
 - (iii) ’n kultuur van respek vir onderrig en leer in onderwysinrigtings sal bevorder;
 - (iv) se gehalte bevorder sal word deur die monitering en evaluering van lewering en prestasie en deur die opleiding van *opvoeders* en onderwysbestuurders;
 - (v) breë openbare deelname sal verseker in die ontwikkeling van onderwysbeleid en die verteenwoordiging van rolspelers in die beheer van alle aspekte van die onderwysstelsel.

[Subart. (1) is by art. 3 van Wet 7 van 2010 vervang.]

(2) Die *Departementshoof* doen die stappe wat nodig is om die beleid wat deur die *Provinsiale Minister* aldus bepaal is ten uitvoer te bring.

[Subart. (2) is by art. 27 van Wet 7 van 2010 gewysig.]

Algemene werksaamhede van Provinsiale Minister

4. (1) Benewens die ander werksaamhede wat by *hierdie Wet* aan hom of haar opgedra word, kan die *Provinsiale Minister* uit geld deur die *Provinsiale Parlement* vir die doel bewillig—

- (a) *koshuise* vir *openbare skole* instel en in stand hou;

[Para. (b) is by art. 3 van Wet 4 van 2018 geskrap.]

- (c) sodanige toerusting verskaf en sodanige geboue oprig wat hy of sy vir die uitvoering van die bepalings van *hierdie Wet* nodig en dienstig ag.

(2) Die *Provinsiale Minister* kan na oorleg met die *beheerliggaam* van 'n betrokke *skool*, 'n *koshuis* in subartikel (1) bedoel, sluit.

(3) 'n Sentrum vir die ontwikkeling en bevordering van een of ander aanleg van *leerders* ingestel of voorsien kragtens 'n wet wat by *hierdie Wet* herroep is, of geag kragtens so 'n wet ingestel of voorsien te wees, en wat onmiddellik voor die *vasgestelde datum* beheer en bestuur is, word vanaf daardie datum geag 'n *skool* te wees wat kragtens hierdie artikel ingestel is of voorsien word.

[Art. 4 is by art. 27 van Wet 7 van 2010 gewysig.]

Magte van Provinsiale Minister ten opsigte van beheerliggame

5. Die *Provinsiale Minister* kan, by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, bepaal dat sekere *beheerliggame* een of meer werksaamhede in artikel 21 van die *Suid-Afrikaanse Skolewet*, bedoel, kan uitoefen sonder om skriftelik daarvoor aansoek te doen, indien—

- (a) hy of sy tevrede is dat die betrokke *beheerliggame* in die vermoë is om sodanige werksaamhede doeltreffend uit te voer; en
 (b) daar 'n redelike en billike basis daarvoor bestaan.

[Art. 5 is by art. 27 van Wet 7 van 2010 gewysig.]

Opbou van vermoë van beheerliggame

6. Die *Departementshoof* vestig, uit fondse wat vir hierdie doel deur die *Provinsiale Parlement* bewillig is, 'n program om die doeltreffendheid van *beheerliggame* te bevorder ooreenkomstig artikel 19 van die *Suid-Afrikaanse Skolewet*.

[Art. 6 is by art. 27 van Wet 7 van 2010 gewysig.]

Algemene werksaamhede van Departementshoof

7. (1) Benewens die ander werksaamhede wat ingevolge *hierdie Wet* en enige ander toepaslike wet aan die *Departementshoof* opgedra word, kan hy of sy—

- (a) opvoedkundige en opleidingsprogramme vir *leerders* goedkeur;
 (b) opvoedkundige en opleidingsprogramme vir *leerders met spesiale onderwysbehoefes* goedkeur;
 (c) die voorwaardes vir toelating tot sodanige opvoedkundige- en opleidingsprogramme, en die evaluering, by wyse van inspeksie of andersins, van die doeltreffendheid van die opvoeding en opleiding wat daarvolgens verskaf word, bepaal;
 (d) kursusse vir die verskaffing van *onderwys*, met inbegrip van *onderwys* vir *leerders met spesiale onderwysbehoefes*, goedkeur;
 (e) die voorwaardes vir toelating tot, en die sillabusse van, sodanige kursusse bepaal;
 (f) ten opsigte van sodanige kursusse—
 (i) eksamens laat afneem en sertifikate laat uitreik aan *leerders* wat in daardie eksamens geslaag het; en
 (ii) ander goedgekeurde vorms van evaluering laat doen;
 (g) reëls maak betreffende—
 (i) die afneem van eksamens in subartikel (1)(f)(i) bedoel, die hantering van, en ondersoek na, en die gevolge van, enige onreëlmatighede in die afneem van eksamens, die inskrywing van kandidate vir daardie eksamens, die gedrag en tug van kandidate voor, gedurende en na daardie eksamens, en die uitreiking van sertifikate in daardie subartikel bedoel; en
 (ii) die aanstelling, gedrag, tug, bevoegdhede, pligte en werksaamhede van eksaminatore, moderatore, opsieners, nasieners en ander persone wie se dienste nodig is in verband met die afneem van daardie eksamens; en
 [Subpara. (ii) is by art. 4(a) van Wet 7 van 2010 vervang.]
 (iii) die bestuur en afneem van skoolgebaseerde assesserings; en
 (iv) gehalteversekering van nasionale, provinsiale of skoolgebaseerde assesserings.
 [Subpara. (iii) en (iv) is by art. 4(b) van Wet 7 van 2010 bygevoeg.]
 (h) reëlings tref vir mediese, sielkundige of tandheelkundige ondersoeke van *leerders* en van persone in diens by *skole* en *koshuise*.

(2) Verskillende programme en kursusse kan kragtens subartikel (1) ten opsigte van verskillende *openbare skole* goedgekeur of bepaal word, na gelang van die geval.

[Art. 7A is ingevoeg by art. 5 van Wet 7 van 2010 en is by art. 4 van Wet 4 van 2018 herroep.]

Magte van Departementshoof ten opsigte van beheerliggame

8. (1) Behoudens *hierdie Wet*, kan 'n *beheerliggaam* skriftelik by die *Departementshoof* aansoek doen om enige van die volgende werksaamhede toegewys te word:

- (a) Die instandhouding en verbetering van die *skool* se eiendom, asook die geboue en gronde deur die *skool* beset, met inbegrip van *koshuise*, indien van toepassing;
- (b) die bepaling van die buitemuurse kurrikulum van die *skool* en die keuse van vak-opsies ingevolge die provinsiale kurrikulumbeleid;
- (c) die aankoop van handboeke, opvoedkundige materiaal of uitrusting vir die *skool*;
- (d) betaling vir dienste aan die *skool*; of
- (e) ander werksaamhede in ooreenstemming met *hierdie Wet* en enige toepaslike provinsiale wet.

(2) Die *Departementshoof* kan 'n aansoek in subartikel (1) beoog, weier slegs indien die betrokke *beheerliggaam* nie oor die vermoë beskik om sodanige werksaamheid doeltreffend te kan verrig nie.

(3) Die *Departementshoof* kan sodanige aansoek onvoorwaardelik of onderhewig aan voorwaardes goedkeur.

(4) Die beslissing van die *Departementshoof* oor sodanige aansoek moet skriftelik aan die betrokke *beheerliggaam* oorgedra word, met opgawe van redes.

(5) Die *Departementshoof* kan, op redelike gronde, 'n werksaamheid van 'n *beheerliggaam* intrek.

(6) Die *Departementshoof* kan nie ingevolge subartikel (5) optree nie, tensy hy of sy—

- (a) die *beheerliggaam* in kennis gestel het van sy of haar voorneme om op hierdie wyse op te tree en die redes daarvoor;
- (b) aan die *beheerliggaam* 'n redelike geleentheid gebied het om verhoë tot hom of haar te rig in verband met sodanige voorneme; en
- (c) enige sodanige verhoë wat ontvang is, behoorlik oorweeg het.

(7) In dringende gevalle kan die *Departementshoof* ingevolge subartikel (5) optree sonder voorafskakeling met sodanige *beheerliggaam*, indien die *Departementshoof* daarna—

- (a) aan die *beheerliggaam* redes vir sy of haar optrede verstrek;
- (b) aan die *beheerliggaam* 'n redelike geleentheid bied om verhoë in verband met sodanige optrede te rig; en
- (c) enige sodanige verhoë wat ontvang word, behoorlik oorweeg.

(8) Die *Departementshoof* kan, met afdoende redes, sy of haar optrede ingevolge subartikel (7), herroep of opskort.

(9) Enige persoon wat veronreg voel deur 'n besluit van die *Departementshoof* ingevolge hierdie artikel kan teen die besluit appèl aanteken by die *Provinsiale Minister*.

[Subart. (9) is by art. 27 van Wet 7 van 2010 gewysig.]

(10) Die *Departementshoof* moet verseker dat *prinsipale* en ander *beamptes* van die *Wes-Kaap Onderwysdepartement* die nodige hulp aan *beheerliggame* verleen in die uitvoering van hulle werksaamhede ingevolge *hierdie Wet*.

Verkryging van goedere en dienste

8A. Ondanks artikel 8(1)(a), (c) en (d) en artikel 8(2) of enige andersluidende wet, kan die *Departementshoof*, ná oorlegpleging met die *beheerliggaam* beoog in artikel 8(1)(a), (c) en (d), goedere en dienste in verband met *onderwys* in die *provinsie* sentraal verkry indien hy of sy dit in die belang van *onderwys* in die *provinsie* ag, met inbegrip van die doelmatige, doeltreffende en ekonomiese aanwending van openbare fondse.

[Art. 8A is by art. 5 van Wet 4 van 2018 ingevoeg.]

Besoek en evaluering van skole en koshuise

9. Die *Departementshoof* kan, hetsy oor die algemeen of in 'n besondere geval, 'n persoon skriftelik magtig om 'n *skool* of *koshuis*, na konsultasie met die *prinsipaal* van die *skool*, te besoek en te evalueer met die doel om—

- (a) prestasie ooreenkomstig nasionale en provinsiale norme en standaarde te evalueer;
- (b) voldoening aan nasionale en provinsiale norme en standaarde te monitor.

[Art. 9 is by art. 6 van Wet 7 van 2010 vervang.]

Monitering en ondersteuning van kurrikulumlewing

9A. (1) Die *Departementshoof*, 'n *distriksdirekteur*, die *prinsipaal* van 'n *openbare skool* of 'n gemagtigde verteenwoordiger van 'n *bedryfsvennoot* ten opsigte van 'n *openbare skool* wat met hul pligte verband hou, kan monitering en ondersteuning van kurrikulumlewing deur 'n *opvoeder* in die klaskamer van 'n *openbare skool* uitvoer of kan sodanige monitering en ondersteuning deur die volgende persone magtig:

- (a) 'n *vakadviseur*;
- (b) 'n *adjunkprinsipaal*;
- (c) 'n *departementele hoof*; of
- (d) 'n *vakhoof*.

(2) Die *Departementshoof*, die *distriksdirekteur*, die *kringbestuurder* indien gemagtig deur die *distriksdirekteur* om dit te doen of 'n gemagtigde verteenwoordiger van 'n *bedryfsvennoot* kan monitering en ondersteuning van kurrikulumlewing deur die *prinsipaal* van 'n *openbare skool* uitvoer.

(3) Die *Departementshoof* kan reëls vir monitering en ondersteuning ingevolge hierdie artikel maak.
[Art. 9A is by art. 6 van Wet 4 van 2018 ingevoeg.]

Aanstelling van skoolbesoekbeamptes

10. (1) Die *Departementshoof* kan 'n *skoolbesoekbeampte* aanstel om uitvoering te gee aan die bepalinge van artikels 3(5) en (6) van die *Suid-Afrikaanse Skolewet*.

[Subart. (1) is by art. 27 van Wet 7 van 2010 gewysig.]

(2) 'n *Skoolbesoekbeampte* moet voorsien word van 'n sertifikaat waarin verklaar word dat hy of sy as 'n *skoolbesoekbeampte* kragtens hierdie artikel aangestel is, en wat deur die *Departementshoof* onderteken is.

Instelling en werksaamhede van Onderwysraad

11. (1) Daar word hierby 'n *Onderwysraad* ingestel wat bekend staan as die *Wes-Kaapse Onderwysraad*.

(2) Die *Onderwysraad* moet—

- (a) die *Provinsiale Minister* en die *Wes-Kaapse Onderwysdepartement* adviseer ten opsigte van aangeleenthede betreffende *onderwys*, insluitende wette en *regulasies*, wat die *Provinsiale Minister* of daardie Departement na hom verwys, of wat die *Onderwysraad* onder die aandag van die *Provinsiale Minister* of daardie Departement wil bring; en
- (b) sodanige ander werksaamhede verrig wat deur of kragtens *hierdie Wet* of enige ander wet aan hom opgedra word.

(3) Die *Provinsiale Minister* kan *regulasies* maak in verband met—

- (a) die kategorieë, kwalifikasies en ampstermyn van lede van die *Onderwysraad*;
- (b) die vul van vakatures en die onthefing van lede;
- (c) die aanstelling en funksies van die uitvoerende komitee van die *Onderwysraad*;
- (d) enige ander aangeleentheid wat nodig is vir die behoorlike bestuur en bedryf van die *Onderwysraad*.

(4) Die *Onderwysraad* bestaan uit—

- (a) 'n voorsitter en 'n ondervoorsitter aangestel deur die *Provinsiale Minister*;
- (b) die *voorgeskrewe* getal beamptes deur die *Departementshoof* uit sy of haar personeel aangewys;

[Para. (b) is by art. 7(a) van Wet 4 van 2018 vervang.]

- (c) die *voorgeskrewe* getal persone deur die *Provinsiale Minister* aangewys uit benoemings wat op die *voorgeskrewe* wyse gedoen is in die onderskeie kategorieë waarna daar in subartikel (3)(a) verwys word.

(5) 'n Handeling van die *Onderwysraad* is nie ongeldig bloot vanweë 'n vakature in die Raad nie.

(6) Aan 'n lid van die *Onderwysraad* wat nie in die heeltydse diens van die Staat is nie kan, uit gelde wat vir die doel deur die *Provinsiale Parlement* bewillig is, sodanige toelaes betaal word wat die *Provinsiale Minister* met die instemming van die *finansiële hoof* bepaal.

(7) Die administratiewe werksaamhede van die *Onderwysraad* word deur beamptes van die *Wes-Kaapse Onderwysdepartement* verrig.

(8) Die *Onderwysraad* bepaal sy eie reëls betreffende vergaderings en prosedures by daardie vergaderings, onderhewig aan die *regulasies*.

(9)(a) Die *Onderwysraad* moet 'n raadgevende verslag aan die *Provinsiale Minister* verskaf.

(b) Die *Provinsiale Minister* moet die raadgewende verslag oorweeg en die voorsitter van die *Onderwysraad* van sy of haar besluit ten opsigte daarvan in kennis stel.

[Art. 11 is by art. 7 van Wet 7 van 2010 vervang.]

[Subart. (9) is by art. 7(b) van Wet 4 van 2018 bygevoeg.]

Instelling van Skoolevalueringsgesag

11A. (1) Die *Provinsiale Minister* kan 'n evalueringsgesag instel, wat as die Wes-Kaapse *Skoolevalueringsgesag* bekend staan, om onafhanklike evaluering van *skole* uit te voer.

(2) Die *Provinsiale Minister* kan 'n *Hoofevalueerder* van *skole* in die *Skoolevalueringsgesag* aanstel.

(3) Die *Hoofevalueerder* word vir 'n onherubare termyn van vier jaar aangestel.

(4) Die *Hoofevalueerder* kan die volgende persone in die *Skoolevalueringsgesag* aanstel:

(a) *Adjunkhoofevalueerders* van *skole*; en

(b) *Evalueerders* van *skole*.

[Art. 11A is by art. 8 van Wet 4 van 2018 ingevoeg.]

Geskiktheid vir aanstelling as Hoofevalueerder, Adjunkhoofevalueerder of Evalueerder

11B. Om in aanmerking te kan kom vir aanstelling as *Hoofevalueerder*, *Adjunkhoofevalueerder* of *Evalueerder* moet 'n persoon—

(a) 'n burger van die Republiek wees;

(b) nie 'n ongerehabiliteerde insolvent wees nie;

(c) nie te eniger tyd skuldig bevind gewees het nie aan—

(i) 'n misdryf waarvoor hy of sy tot gevangenisstraf sonder die opsie van 'n boete gevonnissen is;

(ii) 'n seksuele misdryf teen 'n kind; of

(iii) diefstal, bedrog, vervalsing, die uitgee van 'n vervalste dokument, meened, enige misdryf ingevolge die Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korrupte Bedrywighede, 2004 (Wet 12 van 2004), of enige misdryf waarvan oneerlikheid 'n element is; en

(d) toepaslike kennis van of ondervinding in *onderwys* en skoolbestuur hê.

[Art. 11B is by art. 8 van Wet 4 van 2018 ingevoeg.]

Verwydering uit amp

11C. (1) Die *Provinsiale Minister* kan, nadat die behoorlike prosedure gevolg is, die *Hoofevalueerder* uit sy of haar amp verwyder—

(a) indien hy of sy nie meer aan die aanstellingskriteria vermeld in artikel 11B voldoen nie; of

(b) op enige redelike grond, met inbegrip van wangedrag, onvermoë of onbekwaamheid.

(2) Die *Hoofevalueerder* kan, nadat die behoorlike prosedure gevolg is, 'n *Adjunkhoofevalueerder* of 'n *Evalueerder* uit sy of haar amp verwyder—

(a) indien hy of sy nie meer aan die aanstellingsvereistes beoog in artikel 11B voldoen nie; of

(b) op enige redelike grond, met inbegrip van wangedrag, onvermoë of onbekwaamheid.

[Art. 11C is by art. 8 van Wet 4 van 2018 ingevoeg.]

Werksaamhede van Skoolevalueringsgesag

11D. (1) Die *Hoofevalueerder* moet die *Provinsiale Minister* op die voorgeskrewe wyse op hoogte hou van die volgende ten opsigte van *skole*:

(a) die gehalte van *onderwys* wat by die *skool* verskaf word;

(b) die mate waarin *onderwys* by die *skool* aan die uiteenlopende behoeftes van die *leerders* deur 'n holistiese benadering voldoen;

(c) die onderwysstandaarde wat by die *skool* bereik word;

(d) die gehalte van leierskap en bestuur by die *skool*;

(e) die finansiële hulpbronne wat by die *skool* beskikbaar gestel word en of dit spaarsamig, doelmatig en doeltreffend bestuur word;

(f) die mate waarin die *skool* interne prosedures van selfevaluering ontwikkel ingevolge sy *skoolverbeteringsplanne*;

(g) die veiligheid, gedrag en bywoning van *leerders* en personeel by die *skool*;

(h) die sosiale en kulturele ontwikkeling van *leerders* by die *skool*;

- (i) die prestasiebestuur en ontwikkeling van *opvoeders*; en
 - (j) die verhouding tussen *ouers*, die *gemeenskap* en die *skool*.
- (2) Op skriftelike versoek deur die *Provinsiale Minister* moet die *Hoofvalueerder*—
- (a) die *Provinsiale Minister* raad gee oor enige aangeleentheid wat in die versoek vermeld word; en
 - (b) 'n *skool*, of klas in 'n *skool*, vermeld in die versoek evalueer en daarvoor verslag doen.
- (3) Die *Hoofvalueerder* moet verslae soos voorgeskryf opstel en publiseer, wat empiriese bevindings en, waar van toepassing, aanbevelings vir verbetering moet bevat.
- (4) Die *Hoofvalueerder*, 'n *Adjunkhoofvalueerder* of 'n *Evalueerder* kan—
- (a) met twee skooldae se skriftelike kennisgewing aan die *distriksdirekteur*, *prinsipaal* en *beheerliggaam*, toegang tot 'n *skool* en enige klaskamer in 'n *skool* verkry en dit evalueer, lesse observeer en eerstehandse bewyse insamel om ten grondslag aan sy of haar aanbevelings te lê;
 - (b) met twee skooldae skriftelike kennisgewing 'n onderhoud met 'n *beheerliggaam* of enige lid daarvan, 'n *beampte* van die Departement, 'n *personeellid* van 'n *skool*, 'n *leerder* of 'n *ouer* voer;
 - (c) 'n skriftelike versoek om dokumentasie aan die *prinsipaal* van 'n *skool* voorlê;
 - (d) 'n *skool* sonder kennisgewing betree en op finansiële rekords, state en dokumente beslag lê, ongeag die vorm of medium daarvan, indien hy of sy—
 - (i) *prima facie*-bewys het van finansiële wanbestuur by die *skool*; en
 - (ii) 'n redelike vermoede het dat die rekords en dokumente versteek, vernietig of mee geknoei sal word indien kennisgewing gegee word; en
 - (e) te eniger tyd aanbevelings aan die *Provinsiale Minister* maak oor enige aangeleentheid rakende 'n *skool*.
- (5) Die bevoegdheids beoog in subartikel (4)(a) en (b) kan sonder kennisgewing uitgeoefen word indien die *Hoofvalueerder* redelike gronde het om te glo dat dit nodig is vir die doeltreffende verrigting van die werksaamhede van die *Skoolevalueringsgesag*.
- (6)(a) Die *Provinsiale Minister* kan, ná oorleg met die *Hoofvalueerder*, hom of haar magtig om bykomende pligte te verrig of bykomende bevoegdhede uit te oefen indien die *Provinsiale Minister* rede het om te glo dat—
- (i) die *Hoofvalueerder* die vermoë het om daardie bykomende pligte te verrig of daardie bykomende bevoegdhede uit te oefen; en
 - (ii) dit in die openbare belang sal wees dat die *Hoofvalueerder* dit doen.
- (b) Die *Provinsiale Minister* kan, ná oorleg met die *Hoofvalueerder*, die magtiging wat ingevolge paragraaf (a) aan die *Hoofvalueerder* gegee is, terugtrek indien die *Provinsiale Minister* rede het om te glo dat—
- (i) die *Hoofvalueerder* nie meer die vermoë het om daardie bykomende plig te verrig of daardie bykomende bevoegdheid uit te oefen nie; of
 - (ii) dit in die openbare belang sal wees dat die *Provinsiale Minister* dit doen.
- (c) Die *Provinsiale Minister* kan, ná oorleg met die *Hoofvalueerder*—
- (i) die *Hoofvalueerder* vrystel van die verrigting van 'n plig wat by subartikel (1) opgelê is; of
 - (ii) 'n bevoegdheid terugtrek wat by subartikel (4) aan die *Hoofvalueerder*, 'n *Adjunkhoofvalueerder* of 'n *Evalueerder* verleen is.
- [Art. 11D is by art. 8 van Wet 4 van 2018 ingevoeg.]

Vergoeding en toelaes

11E. Die *Hoofvalueerder*, *Adjunkhoofvalueerders* en *Evalueerders* moet die vergoeding en toelaes betaal word wat die *Provinsiale Minister* ná oorlegpleging met die finansiële hoof bepaal.

[Art. 11E is by art. 8 van Wet 4 van 2018 ingevoeg.]

Werkzaamhede van Departementshoof rakende Skoolevalueringsgesag

11F. (1) Die *Departementshoof* moet die *Skoolevalueringsgesag* voorsien van algemene steun en die nodige hulpbronne om sy werksaamhede te verrig, met inbegrip van administratiewe steun en infrastruktuursteun.

(2) Die *Departementshoof* moet *beamptes* van die *Wes-Kaapse Onderwysdepartement* aanwys om administratiewe steun soos beoog in subartikel (1) aan die *Skoolevalueringsgesag* te verskaf.

(3) Die *Departementshoof* moet die bevindings en aanbevelings bedoel in artikel 11D(3) oorweeg en gepaste maatreëls implementeer om verbetering te fasiliteer.

[Art. 11F is by art. 8 van Wet 4 van 2018 ingevoeg.]

Ontbinding

11G. (1) Die *Provinsiale Minister* kan die *Skoolevalueringsgesag* ontbind met ingang van 'n datum bepaal deur die *Provinsiale Minister* indien die *Skoolevalueringsgesag* versuim om sy werksaamhede voldoende te verrig, nie meer doeltreffend is nie of op 'n wyse handel wat nie in die beste belang van *onderwys* is nie.

(2) Die *Provinsiale Minister* mag nie kragtens subartikel (1) optree nie tensy hy of sy—

- (a) redelike kennis aan die *Skoolevalueringsgesag* gegee het van sy of haar voorneme om dit te doen en sy of haar redes daarvoor;
- (b) die *Skoolevalueringsgesag* 'n redelike geleentheid gegee het om verhoë aan hom of haar te rig in verband met sodanige optrede; en
- (c) enige verhoë wat ontvang is, behoorlik oorweeg het.

[Art. 11G is by art. 8 van Wet 4 van 2018 ingevoeg.]

Regulasies rakende *Skoolevalueringsgesag*

11H. Die *Provinsiale Minister* kan *regulasies* maak oor—

- (a) prosedures vir die aanstelling van die *Hoofvalueerder*, *Adjunkhoofvalueerders* en *Evalueerders* en die vul van vakatures;
- (b) die bepalinge en voorwaardes van aanstelling van die *Hoofvalueerder*, *Adjunkhoofvalueerders* en *Evalueerders*;
- (c) prosedures vir die verwydering van die *Hoofvalueerder*, *Adjunkhoofvalueerders* en *Evalueerders*;
- (d) prosedures vir die uitoefening van die bevoegdhede bedoel in artikel 11D(4);
- (e) die wyse waarop die *Hoofvalueerder* die *Provinsiale Minister* in kennis moet stel van die aangeleentheid uiteengesit in artikel 11D(1);
- (f) die opstel en publisering van verslae deur die *Skoolevalueringsgesag*; en
- (g) enige ander aangeleentheid wat die *Provinsiale Minister* nodig of dienstig ag ten einde die doelwitte van die *Skoolevalueringsgesag* te bereik.

[Art. 11H is by art. 8 van Wet 4 van 2018 ingevoeg.]

HOOFSTUK 3

OPENBARE SKOLE

Stigting en instandhouding van openbare skole

12. (1) Die *Provinsiale Minister* kan, uit geld deur die *Provinsiale Parlement* vir hierdie doel bewillig, die volgende *openbare skole* stig en in stand hou, naamlik—

- (a) *preprimêre skole*;
- (b) *primêre skole*;
- (c) *sekondêre skole*;
- (d) *middelbare skole*;
- (e) *gekombineerde skole*;
- (eA) *saamwerksskole*;
- (eB) *donateurbefondsde skole*;

[Para. (eA) en (eB) is by art. 9 van Wet 4 van 2018 ingevoeg.]

- (f) *skole vir leerders met spesiale onderwysbehoefte*; en
- (g) enige ander tipe *skool* wat hy of sy vir die *onderwys* nodig ag.

(2) Die volgende tipes *skole*—

- (a) 'n *preprimêre skool*;
- (b) 'n *primêre skool*;
- (c) 'n *sekondêre skool*, 'n hoërskool, 'n beroepsskool, landbousskool en *skool* waar *onderwys* in 'n ambags-, tegniese-, handels-, landbou-, huishoudkunde-, huisvlyt- of 'n ander beroepsrigting aangebied word;
- (d) 'n *middelbare skool*;
- (e) 'n *gekombineerde skool*;
- (f) 'n *skool* vir buitengewone *onderwys*, spesiale *skool*, tehuis, sentrums vir verstandelik erg gestremde *leerders* en vaardigheidsskole;

- (g) 'n nywerheidskool; of
- (h) 'n verbeteringskool.

gestig of opgerig ingevolge 'n wet wat by *hierdie Wet* herroep is, of geag ingevolge so 'n wet gestig of opgerig te wees, en wat onmiddellik voor die *vasgestelde datum* deur 'n departement in daardie wet bedoel beheer en bestuur is, word vanaf daardie datum geag—

- (i) 'n *preprimêre skool*;
- (ii) 'n *primêre skool*;
- (iii) 'n *sekondêre skool*;
- (iv) 'n *middelbare skool*;
- (v) 'n *gekombineerde skool*; of
- (vi) 'n *skool vir leerders met spesiale onderwysbehoefes*,

te wees wat kragtens hierdie artikel ingestel is.

(3) Oorgangsbepalings—

(a) Enige *skool* wat ingestel is of geag word ingestel te gewees het ingevolge enige wet wat *onderwys* in die *provinsie* beheer, wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van *hierdie Wet* bestaan het, anders as 'n private *skool* bedoel in artikel 38, word geag 'n *openbare skool* te wees;

(b) Die bates en laste wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van *hierdie Wet* onder berusting van 'n *skool* beoog in subartikel (2), geval het, val onder berusting van die betrokke *openbare skool*;

(c) Fondse en ander roerende bates wat deur die *skool* gebruik word of vir of namens 'n *skool* beoog in subartikel (3)(a), gehou word, wat regtens die eiendom van die Staat is, bly tot die beskikking van die *skool*, en val terug na die *skool* op die *vasgestelde datum* van *hierdie Wet* soos in die *Provinsiale Koerant* aangekondig; en

(d) Die vaste eiendom van 'n *skool* beoog in subartikel (3)(a), val terug op die Staat op 'n datum deur die *Nasionale Minister* bepaal by wyse van kennisgewing in die *Staatskoerant* kragtens artikel 55 van die *Suid-Afrikaanse Skolewet*.

(4) Die *Provinsiale Minister* kan sover doenlik, en waar redelikerwys uitvoerbaar, *onderwys* vir *leerders met spesiale onderwysbehoefes* by gewone *openbare skole* asook toepaslike opvoedkundige ondersteuningsdienste vir sodanige *leerders* voorsien.

[Art. 12 is by art. 27 van Wet 7 van 2010 gewysig.]

Samesmelting van openbare skole

12A. (1) Behoudens subartikel (2), kan die *Provinsiale Minister*, by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, twee of meer *openbare skole* in 'n enkele *skool* laat saamsmelt.

(2) Alvorens twee of meer *openbare skole* saamgesmelt word, moet die *Provinsiale Minister*—

- (a) aan die betrokke *skole* skriftelik kennis gee van die beoogde samesmelting;
- (b) 'n kennisgewing met uiteensetting van die redes vir die beoogde samesmelting publiseer in een of meer koerante wat sirkuleer in die gebied waarin die betrokke *skole* geleë is;
- (c) die *beheerliggame* van die betrokke *skole* en enige ander belanghebbendes die geleentheid bied om verhoër te rig binne 'n tydperk van minstens 90 dae ná die datum van die kennisgewing in paragraaf (b) bedoel;
- (d) sodanige verhoër oorweeg; en
- (e) hom of haar daarvan vergewis het dat die werkgewers van personeel by die *openbare skole* hul verpligtinge ingevolge die toepaslike arbeidswetgewing nagekom het.

(3) Indien een of meer van die *skole* wat ingevolge subartikel (1) saamgesmelt staan te word, *openbare skole* op private eiendom is, moet die *Provinsiale Minister* ook—

- (a) die eienaar van die private eiendom in kennis stel van die voorneme om die betrokke *skole* te laat saamsmelt;
- (b) enige kontraktuele verpligtinge wat ingevolge die ooreenkoms in artikel 14 van die *Suid-Afrikaanse Skolewet* beoog word, in aanmerking neem;
- (c) enige verpligtinge ingevolge die bestaande ooreenkoms herbeding, indien nodig; en
- (d) 'n nuwe ooreenkoms ingevolge artikel 14 van die *Suid-Afrikaanse Skolewet* beding, indien die enkele *skool* wat in subartikel (1) beoog word op private eiendom geleë sal wees.

(4) Die enkele *skool* wat in subartikel (1) beoog word, moet as 'n *openbare skool* beskou word.

(5) Alle bates, laste, regte en verpligtinge van die *skole* wat saamsmelt, moet, behoudens die voorwaardes van enige skenking, bemaking of trust wat in artikel 37 (4) van die *Suid-Afrikaanse Skolewet* beoog word, by die enkele *skool* berus.

(6) (a) Die *beheerliggame* van die *skole* wat saamgesmelt word, moet voor die samesmelting 'n vergadering hou om 'n enkele tussentydse *beheerliggaam*, bestaande uit al die lede van die betrokke *beheerliggaam*, saam te stel.

(b) Die tussentydse *beheerliggaam* besluit oor die begroting en verskille in gedragskodes en *skoolgeld*, asook oor enige aangeleentheid wat relevant is vir die samesmelting of wat *voorgeskryf* word, totdat 'n nuwe *beheerliggaam* op die wyse voorgeskryf kragtens artikel 24 saamgestel is.

[Para. (b) is by art. 10 van Wet 4 van 2018 vervang.]

(7) Die *beheerliggaam* van 'n *openbare skool* wat saamgesmelt staan te word, kan by die *Nasionale Minister* appèl aanteken teen die besluit soos in subartikel (1) beoog.

[Art. 12A is by art. 8 van Wet 7 van 2010 ingevoeg.]

Identifisering van onderpresterende openbare skole

12B. (1) Die *Departementshoof* moet jaarliks, uit die verslag wat in artikel 13A (1) (b) beoog word, en uit ander relevante verslae, enige *openbare skool* identifiseer wat onderpresteer in verband met enige saak waarna daar in subartikel (2) (a), (b) of (c) verwys word.

(2) Die *Departementshoof* moet 'n skriftelike kennisgewing uitreik aan die *skool* beoog in subartikel (1) indien hy of sy hom of haar daarvan vergewis het dat—

- (a) die standaard van prestasie van *leerders* benede die standarde is wat deur die Nasionale Kurrikulumverklaring voorgeskryf word en waarskynlik so sal bly tensy die *Departementshoof* ingevolge *hierdie Wet* 'n mag uitoefen;
- (b) daar 'n ernstige verbokkeling is in die wyse waarop die *skool* bestuur of beheer word wat tot nadeel van die standarde van prestasie is of waarskynlik kan wees; of
- (c) die veiligheid van *leerders* of personeel bedreig word.

(3) Die skriftelike kennisgewing in subartikel (2) beoog, moet die *skool* inlig dat dit—

- (a) binne 14 dae na besorging van die kennisgewing op die kennisgewing moet reageer; en
- (b) so gou doenlik ná daardie respons die *Departementshoof* moet voorsien van 'n plan vir die regstelling van die situasie.

(4) Die *Departementshoof* moet alle redelike stappe doen om 'n *skool* wat ingevolge subartikel (1) geïdentifiseer is met die hantering van die onderprestasie by te staan.

(5) Sonder om die aard en omvang van die stappe te beperk wat in subartikel (4) beoog word, moet die *Departementshoof* dit oorweeg om—

- (a) die onbevoegdheidskode en prosedures vir swak werkprestasie wat in artikel 16 van die *Wet op die Indiensneming van Opvoeders* genoem word, te implementeer;
- (b) die werksaamhede van die *beheerliggaam* ingevolge artikel 8 (5) van *hierdie Wet* in te trek; of
- (c) persone ingevolge artikel 25 van die *Suid-Afrikaanse Skolewet* aan te stel om die werksaamhede of gespesifiseerde funksies van die *beheerliggaam* te verrig.

(6) Die berading van die *prinsipaal* soos beoog word in item 2 (5) (b) (ii) van Bylae 1 by die *Wet op die Indiensneming van Opvoeders* kan die aanstelling insluit van 'n akademiese mentor of 'n plaasvervangerprinsipaal om die werksaamhede en verantwoordelikhede van die *prinsipaal* oor te neem vir die tydperk wat deur die *Departementshoof* bepaal word.

(7) Ten einde die *Nasionale Minister* by te staan in die uitvoering van sy of haar pligte wat in artikel 8 van die *Wet op Nasionale Onderwysbeleid, 1996* (Wet 27 van 1996), genoem word, moet die *Provinsiale Minister* binne drie maande na afloop van 'n skooljaar aan die *Nasionale Minister* verslag doen oor die optrede van die *Departementshoof* met betrekking tot 'n onderpresterende *openbare skool*.

[Art. 12B is by art. 8 van Wet 7 van 2010 ingevoeg.]

Saamwerksskole

12C. (1) Die *Provinsiale Minister* kan 'n *openbare skool* beoog in artikel 12(1)(a) tot (f) identifiseer vir verklaring as 'n *saamwerksskool* indien hy of sy tevrede is dat sodanige verklaring in die belang van *onderwys* by die *skool* sal wees, met inagneming van tersaaklike verslae oor die *skool*, met inbegrip van verslae oor die prestasie van die *skool*.

(2) Behoudens subartikel (1) kan die *Provinsiale Minister*, op die aanbeveling van die *Departementshoof*, 'n ooreenkoms aangaan met—

- (a) 'n *donateur*;
- (b) 'n *bedryfsvennoot*; en
- (c) die *beheerliggaam* van 'n *openbare skool*,

ingevolge waarvan 'n bestaande *openbare skool* beoog in artikel 12(1)(a) tot (f) tot 'n *saamwerksskool* verklaar staan te word.

(3) Die *Provinsiale Minister* kan, op die aanbeveling van die *Departementshoof*, 'n ooreenkoms met 'n *donateur* en 'n *bedryfsvennoot* aangaan vir die instelling van 'n nuwe *saamwerkskool* en die *skool* instel.

(4) Die ooreenkomste beoog in subartikels (2) en (3) moet die minimumvereistes *voorgeskryf* deur die *Provinsiale Minister* bevat.

(5) By die sluiting van 'n ooreenkoms beoog in subartikel (2) kan die *Provinsiale Minister*, by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, die betrokke *openbare skool* tot 'n *saamwerkskool* verklaar.

(6) Die *Provinsiale Minister* mag nie 'n verklaring beoog in subartikel (5) maak nie, tensy hy of sy 'n oproep om openbare kommentaar ten opsigte van die voorgename verklaring gedoen het en enige kommentaar wat ontvang is, behoorlik oorweeg het.

(7) Indien 'n ooreenkoms met 'n *bedryfsvennoot* of *donateur* beoog in subartikel (2)(a) of (b) of subartikel (3) beëindig word, kan die *Provinsiale Minister*, op aanbeveling van die *Departementshoof*, 'n nuwe ooreenkoms met 'n nuwe *bedryfsvennoot* of *donateur*, na gelang van die geval, aangaan en kan die *skool* sy status as 'n *saamwerkskool* behou.

(8) Indien 'n nuwe ooreenkoms nie soos beoog in subartikel (7) aangegaan word nie—

(a) is die betrokke *skool* nie meer 'n *saamwerkskool* nie;

(b) moet die *Provinsiale Minister*, by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, die *skool* tot die toepaslike tipe *openbare skool* beoog in artikel 12(1)(a) tot (f) verklaar; en

(c) moet 'n nuwe *beheerliggaam* op die voorgeskrewe wyse saamgestel word.

(9) Die lidmaatskap van die *beheerliggaam* van 'n *saamwerkskool* moet bestaan uit 50 persent verteenwoordigers van die *bedryfsvennoot* met stemreg en 50 persent ander lede van die *beheerliggaam* met stemreg: Met dien verstande dat die *Provinsiale Minister*, by aanvoering van grondige redes, mag verklaar dat die *beheerliggaam* van 'n bepaalde *saamwerkskool* meer as 50 persent uit ander lede van die *beheerliggaam* met stemreg bestaan.

(10) In die geval van 'n staking van stemme by 'n vergadering van 'n *beheerliggaam* van 'n *saamwerkskool* waar die *bedryfsvennoot* met stemregte 50 persent van daardie *beheerliggaam* uitmaak, moet die aangeleentheid beslis word deur 'n meerderheidstem by 'n algemene vergadering van *ouers* wat teenwoordig is en stem.

(11) Die *Wes-Kaapse Onderwysdepartement* moet die indiensneming van *opvoeders* en nie-opvoeders handhaaf wat ten tyde van die verklaring van 'n *saamwerkskool* ingevolge subartikel (5) in diens is by die *skool* in poste wat ingevolge die *Wet op die Indiensneming van Opvoeders* of die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 van 1994), ingestel is, ooreenkomstig die indiensnemingsvoorwaardes van toepassing op daardie poste vir so lank as wat daardie *opvoeders* en nie-opvoeders in daardie poste aanbly.

(12) Behoudens die *Wet op Openbare Finansiële Bestuur*, 1999 (Wet 1 van 1999), kan die *Wes-Kaapse Onderwysdepartement* oordragbetalings na 'n *saamwerkskool* maak gelykstaande aan die bedrae wat benodig word vir die befondsing van—

(a) poste beoog in subartikel (11) wat vakant geraak het;

(b) nuwe poste bepaal deur die *Departementshoof* vir—

(i) *opvoeders* ingevolge artikel 5(2) van die *Wet op die Indiensneming van Opvoeders*;

(ii) nie-opvoeders ingevolge die *Wes-Kaapse Onderwysdepartement se Norme en Standaard* vir Steunpersoneelverskaffing by Gewone Openbare Skole,

onderhewig aan die beskikbare hulpbronne van die *Wes-Kaapse Onderwysdepartement*.

(13) Behoudens die *regulasies* beoog in subartikel (17)(b), kan die *beheerliggaam* van 'n *saamwerkskool*, uit die fondse beoog in subartikel (12), *opvoeders* en nie-opvoeders aanstel ooreenkomstig die diensstaat, en bepalinge en voorwaardes van indiensneming, bepaal deur die *beheerliggaam*.

(14) 'n *Saamwerkskool* is die werkgewer van *opvoeders* en nieopvoeders beoog in subartikel (13).

(15) Die indiensneming van *opvoeders* en nie-opvoeders deur 'n *beheerliggaam* beoog in subartikel (13) is onderhewig aan die *Wet op Arbeidsverhoudinge*, 1995, en die *Wet op Basiese Diensvoorwaardes*, 1997 (Wet 75 van 1997).

(16) Ondanks artikel 60 van die *Suid-Afrikaanse Skolewet*, is die Staat nie aanspreeklik vir enige handeling of versuim deur 'n *saamwerkskool* ten opsigte van sy kontraktuele verantwoordelikheid as die werknemer ten opsigte van personeel wat ingevolge subartikel (13) in diens geneem is nie.

(17) Die *Provinsiale Minister* moet *regulasies* uitvaardig rakende—

(a) oordragbetalings beoog in subartikel (12); en

(b) die aanwending van fondse deur 'n *beheerliggaam* vir die doeleindes beoog in subartikel (13),

maar sodanige *regulasies* mag nie vertolk word asof dit die Staat die medewerkgewer van sodanige personeel maak nie.

(18) Behalwe soos voor voorsiening gemaak in hierdie artikel, is die bepalings van *hierdie Wet* en enige ander toepaslike wet wat *openbare skole* reguleer, van toepassing op *saamwerksskole*.

[Art. 12C is by art. 11 van Wet 4 van 2018 ingevoeg.]

Donateurbefondsde openbare skole

12D. (1) Die *Provinsiale Minister* kan 'n ooreenkoms aangaan met—

- (a) 'n *donateur*; en
- (b) die *beheerliggaam* van 'n *openbare skool*,

ingevolge waarvan 'n bestaande *openbare skool* beoog in artikel 12(1)(a) tot (f) tot 'n *donateurbefondsde openbare skool* verklaar staan te word, mits die *Provinsiale Minister* tevrede is dat sodanige verklaring in die belang van *onderwys* by die *skool* sal wees.

(2) Die *Provinsiale Minister* kan 'n ooreenkoms met 'n *donateur* aangaan vir die instelling van 'n nuwe *donateurbefondsde openbare skool* en die *skool* instel.

(3) Die ooreenkomste beoog in subartikels (1) en (2) moet die minimumvereistes *voorgeskrif* deur die *Provinsiale Minister* bevat.

(4) By die sluiting van 'n ooreenkoms beoog in subartikel (1) kan die *Provinsiale Minister*, by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, die betrokke *openbare skool* tot 'n *donateurbefondsde openbare skool* verklaar.

(5) Die *Provinsiale Minister* mag nie 'n verklaring beoog in subartikel (4) maak nie tensy hy of sy 'n oproep om openbare kommentaar ten opsigte van die voorgename verklaring gedoen het en enige kommentaar wat ontvang is, behoorlik oorweeg het.

(6) In die geval van die beëindiging van 'n ooreenkoms beoog in subartikel (1) of (2)—

- (a) is die betrokke *skool* nie meer 'n *donateurbefondsde openbare skool* nie;
- (b) moet die *Provinsiale Minister*, by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, die *skool* tot die toepaslike tipe *openbare skool* beoog in artikel 12(1)(a) tot (f) verklaar; en
- (c) moet 'n nuwe *beheerliggaam* op die *voorgeskrewe* wyse saamgestel word.

(7) Die lidmaatskap van die *beheerliggaam* van 'n *donateurbefondsde openbare skool* kan verteenwoordigers van die *donateur* met stemreg, tot 'n maksimum van 50 persent, bevat.

(8) In die geval van 'n staking van stemme by 'n vergadering van 'n *beheerliggaam* van 'n *donateurbefondsde openbare skool* waar die *donateur* met stemreg 50 persent van daardie *beheerliggaam* uitmaak, moet die aangeleentheid beslis word deur 'n meerderheidstem by 'n algemene vergadering van *ouers* wat teenwoordig is en stem.

(9) Die *Provinsiale Minister* kan, by aanvoering van grondige redes, verklaar dat die *beheerliggaam* van 'n bepaalde *donateurbefondsde skool* uit meer as 50 persent van die verteenwoordigers van die *donateur* met stemreg bestaan.

(10) Behalwe soos voor voorsiening gemaak in hierdie artikel, is die bepalings van *hierdie Wet* en enige ander toepaslike wet wat *openbare skole* reguleer, van toepassing op *donateurbefondsde skole*.

[Art. 12D is by art. 11 van Wet 4 van 2018 ingevoeg.]

Intervensiefasiliteit

12E. (1) Behoudens die beskikbare hulpbronne van die *Wes-Kaapse Onderwysdepartement* kan die *Provinsiale Minister* 'n *intervensiefasiliteit* instel vir *leerders* wat aan ernstige wangedrag skuldig bevind is.

(2) 'n *Intervensiefasiliteit* moet voorsiening maak vir—

- (a) terapeutiese programme en intervensiestrategieë ten einde op die ernstige wangedrag in te gaan; en
- (b) kurrikulumlewering gelykstaande aan die standaard waarvoor voorsiening gemaak word in wetgewing en beleide van toepassing op openbare skole.

(3) 'n *Intervensiefasiliteit* kan verblyfsorg insluit.

[Art. 12E is by art. 11 van Wet 4 van 2018 ingevoeg.]

Beheer en professionele bestuur van openbare skole

13. (1) Behoudens *hierdie Wet* en die *Suid-Afrikaanse Skolewet*, setel die beheer van elke *openbare skool* in sy *beheerliggaam* en kan dit slegs sodanige funksies en verpligtinge verrig en slegs sodanige regte uitoefen wat deur daardie *Wette* *voorgeskrif* word.

(2) 'n *Beheerliggaam* staan in 'n vertrouensposisie teenoor die *skool*.

(3) Behoudens *hierdie Wet* en die *Suid-Afrikaanse Skolewet*, moet die professionele bestuur van 'n *openbare skool* deur die *prinsipaal* onderneem word onder die gesag van die *Departementshoof*.

(4) Die *Departementshoof* kan 'n *openbare skool* in 'n noodgeval tydelik sluit indien die *Departementshoof* op redelike gronde die mening huldig dat die lewens van *leerders* en personeel bedreig word of dat daar 'n werklike gevaar bestaan van die liggaamlike besering van *leerders* of van skade aan eiendom.

(5) Wanneer die *Departementshoof* besluit dat 'n *skool* in subartikel (4) beoog, heropen moet word, moet die *Departementshoof* die *beheerliggaam* en die *prinsipaal* inlig van die datum waarop die *skool* moet heropen.

(6) Die *prinsipaal* of 'n persoon aangewys deur die *Departementshoof* moet die *opvoeders* en *ouers* inlig van die datum in subartikel (5) beoog.

(7) Indien 'n nuwe *openbare skool* ingestel word, setel die beheer van daardie *skool* in die *Departementshoof* totdat 'n *beheerliggaam* ingevolge hierdie *Wet* ingestel is.

[Art. 13 is by art. 9 van Wet 7 van 2010 vervang.]

[Subart. (7) is by art. 12 van Wet 4 van 2018 vervang.]

Funksies en verantwoordelikhede van prinsipaal van openbare skool

13A. (1) (a) Die *prinsipaal* van 'n *openbare skool* verteenwoordig die *Departementshoof* in die *beheerliggaam* wanneer hy of sy in 'n amptelike hoedanigheid optree soos beoog in artikels 23 (1) (b) en 24 (1) (j) van die *Suid-Afrikaanse Skolewet*.

(b) Die *prinsipaal* moet 'n jaarverslag opstel en aan die *Departementshoof* voorlê ten opsigte van—

- (i) die akademiese prestasie van daardie *skool* in verhouding tot minimum uitkomste en standaarde en prosedures vir assessering deur die *Nasionale Minister* bepaal kragtens artikel 6A van die *Suid-Afrikaanse Skolewet*; en
 - (ii) die effektiewe gebruik van beskikbare hulpbronne.
- (c)(i) Die *prinsipaal* van 'n *openbare skool* wat deur die *Departementshoof* ingevolge artikel 12B geïdentifiseer word, moet jaarliks, voor die aanvang van die eerste skoolkwartaal, 'n plan opstel wat uiteensit hoe akademiese prestasie by die *skool* verbeter sal word.
- (ii) Die plan vir verbetering van akademiese prestasie moet—
 - (aa) voorgelê word aan die *Departementshoof* op 'n datum deur die *Departementshoof* bepaal; en
 - (bb) op 'n *beheerliggaam*vergadering ter tafel gelê word.
 - (iii) Die *Departementshoof* kan die plan vir verbetering van akademiese prestasie goedkeur of dit terugbesorg aan die *prinsipaal* met sodanige aanbevelings as wat onder die omstandighede nodig kan wees.
 - (iv) Indien die *Departementshoof* die plan vir verbetering van akademiese prestasie goedkeur, moet die *prinsipaal*, teen 30 Junie, verslag doen aan die *Departementshoof* en die *beheerraad* oor die vordering wat met die implementering van daardie plan gemaak is.
 - (v) Die *Departementshoof* kan die datum in subparagraaf (iv) beoog by aanvoering van grondige redes verleng.

(2) Die *prinsipaal* moet—

- (a) by die onderneming van die professionele beheer van 'n *openbare skool* soos in artikel 13 (3) beoog, pligte uitvoer wat insluit, maar nie beperk is nie tot—
 - (i) die implementering van al die opvoedkundige programme en kurrikulumaktiwiteite;
 - (ii) die bestuur van alle *opvoeders* en ondersteuningspersoneel;
 - (iii) die bestuur van die gebruik van leerondersteuningsmateriaal en ander toerusting;
 - (iv) die uitvoering van werksaamhede wat ingevolge *hierdie Wet* deur die *Departementshoof* aan die *prinsipaal* gedelegeer is;
 - (v) die veilige bewaring van alle skoolrekords; en
 - (vi) die implementering van beleid en wetgewing;
- (b) alle vergaderings van die *beheerliggaam* bywoon en daaraan deelneem;
- (c) die *beheerliggaam* voorsien van 'n verslag oor die professionele bestuur betreffende die *openbare skool*;
- (d) die *beheerliggaam* bystaan in die hantering van dissiplinêre aangeleenthede betreffende *leerders*;
- (e) die *Departementshoof* bystaan in die hantering van dissiplinêre aangeleenthede betreffende *opvoeders* en ondersteuningspersoneel in die diens van die *Departementshoof*;
- (f) die *beheerliggaam* inlig oor beleid en wetgewing; en

- (g) akkurate data aan die *Departementshoof* voorsien wanneer hy of sy versoek word om dit te doen.
- (3) Die *prinsipaal* moet die *beheerliggaam* bystaan in die uitvoering van sy funksies en verantwoordelikhede, maar sodanige hulp of deelname mag nie strydig wees nie met—
- opdragte van die *Departementshoof*;
 - wetgewing of beleid;
 - enige verpligting teenoor die *Departementshoof*, die *Provinsiale Minister* of die *Nasionale Minister*; of
 - 'n bepaling van die *Wet op die Indiensneming van Opvoeders* en die *Personeeladministrasiemaatreëls* ingevolge daarvan bepaal.
- [Art. 13A is by art. 10 van Wet 7 van 2010 ingevoeg.]

Openbare skole op private eiendom

14. (1) Behoudens die *Grondwet* en *hierdie Wet* kan 'n *openbare skool* op private eiendom voorsien word slegs ingevolge 'n ooreenkoms tussen die *Provinsiale Minister* en die eienaar van die private eiendom.

[Subart. (1) is by art. 13 van Wet 4 van 2018 vervang.]

(2) Die ooreenkoms in subartikel (1) beoog, moet strook met *hierdie Wet* en moet in die besonder voorsiening maak vir—

- die verskaffing van *onderwys* en die verrigting van die gewone werksaamhede van 'n *openbare skool*;
- beheer van die *openbare skool*, met inbegrip van die verhouding tussen die *beheerliggaam* van die *openbare skool* en die eienaar;
- toegang tot die skoleiendom deur alle *leerders*, *ouers van leerders*, *opvoeders*, *personeellede* verbonde aan sodanige *openbare skole* en *beamptes* van die *Wes-Kaapse Onderwysdepartement*;
- die sekerheid van okkupasie en gebruik van die eiendom deur die *openbare skool*;
- instandhouding en verbetering van die skoolgeboue en die eiendom en die voorsiening van die nodige dienste; en
- die beskerming van die eienaar se regte met betrekking tot die eiendom wat deur die *openbare skool* geokkupeer of geaffekteer of gebruik word.

(3) Die bepalings van die *Wet op die Registrasie van Aktes, 1937 (Wet 47 van 1937)*, is nie van toepassing op 'n reële reg, met uitsluiting van eienaarskap, wat deur die Staat, 'n *openbare skool* of 'n ander party verkry word kragtens 'n ooreenkoms in hierdie subartikel beoog nie.

(4) Indien 'n ooreenkoms beoog in subartikel (1) nie op die *vasgestelde datum* met betrekking tot 'n *skool* wat op private eiendom staan, en wat geag 'n *openbare skool* kragtens artikel 52(1) van die *Suid-Afrikaanse Skolewet*, te wees, bestaan nie, moet die *Provinsiale Minister* redelike maatreëls tref om sodanige ooreenkoms binne ses maande na die *vasgestelde datum* aan te gaan.

(5) Indien die private eiendom deur 'n *openbare skool* beoog in subartikel (1) beset deur 'n godsdienstige organisasie besit word, kan sodanige eienaar verlang dat die ooreenkoms kragtens subartikel (1), op 'n gepaste wyse in ooreenstemming met *hierdie Wet* die eiesoortige godsdienstige karakter van die *skool* weerspieël.

(6) Die reg beoog in subartikel (3), is afdwingbaar teen enige regsopvolger van die betrokke eiendom.

(7) Ondanks subartikel (3), moet 'n registrateur van aktes op die eiendomsakte van die geaffekteerde eiendom 'n endossement aanbring dat die eiendom onderworpe is aan 'n ooreenkoms in hierdie artikel beoog, indien die registrateur in ontvangs is van—

- 'n aansoek om sodanige endossement deur die eienaar van die eiendom, of die *Provinsiale Minister* of enige ander houer van 'n reg beoog in subartikel (3), tesame met die eiendomsakte van die eiendom; en
- beëdigde verklarings van die eienaar van die eiendom en die *Provinsiale Minister* wat verklaar dat 'n ooreenkoms beoog in hierdie artikel, gesluit is.

(8) Enige hereregte, seëlregte, gelde of kostes wat ten opsigte van die registrasie van 'n reg ingevolge subartikel (3) betaalbaar is, kan ten volle of gedeeltelik uit fondse wat vir dié doel deur die *Provinsiale Parlement* bewillig is, betaal word, maar die *openbare skool* beoog in subartikel (1), is nie aanspreeklik vir sodanige regte, gelde of kostes nie.

[Art. 14 is by art. 27 van Wet 7 van 2010 gewysig.]

Status van openbare skole

15. Elke *openbare skool* is 'n regs persoon met die wetlike bevoegdheid om sy werksaamhede ingevolge *hierdie Wet* te verrig.

Openbare skole op Staatseiendom

16. (1) Vaste eiendom waarvan die Staat die eienaar is, sluit eiendom wat namens 'n stam in trust gehou word deur 'n trust wat deur wetgewing geskep is, in.

(2) Behoudens artikel 20(1)(k) van die *Suid-Afrikaanse Skolewet*, het 'n *openbare skool* wat vaste eiendom okkupeer wat deur die Staat besit word die reg om, vir die duur van die *skool* se bestaan, die vaste eiendom te beset en te gebruik tot voordeel van die *skool* vir opvoedkundige doeleindes by of in verband met die *skool*.

(3) Die reg bedoel in subartikel (2), kan slegs beperk word—

(a) deur die *Provinsiale Minister*, en

(b) indien die vaste eiendom nie deur die *skool* in belang van die *onderwys* benut word nie.

(4) Die *Provinsiale Minister* kan nie ingevolge subartikel (3) optree nie tensy hy of sy—

(a) die *beheerliggaam* van die *skool* in kennis gestel het van sy of haar voorneme om op dié wyse op te tree en die redes daarvoor;

(b) die *beheerliggaam* van die *skool* 'n redelike geleentheid gebied het om verhoë tot hom of haar te rig in verband met sodanige optrede; en

(c) enige sodanige verhoë wat ontvang is, behoorlik oorweeg het.

(5) Die reg wat in subartikel (2) beoog word, is afdwingbaar teen enige regsopvolger van die eienaar van die betrokke vaste eiendom.

(6) Geen vaste eiendom wat deur die Staat besit word en deur 'n *openbare skool* beset word, mag vervreem word nie, tensy 'n ooreenkoms tussen die *Provinsiale Minister*, met die instemming van die *Provinsiale Minister* verantwoordelik vir openbare werke, en die voornemende eienaar van die vaste eiendom aangegaan is.

[Subart. (6) is by art. 14 van Wet 4 van 2018 vervang.]

(7) Die registrateur van enige registrasiekantoor van aktes mag nie 'n akte van oordrag ten opsigte van die betrokke vaste eiendom verly, attesteer of registreer nie, tensy die eienaar die registrateur van bewys van die ooreenkoms in subartikel (6) beoog, voorsien het.

(8) Die bepalinge van die Wet op die Registrasie van Aktes, 1937 (Wet 47 van 1937), is nie van toepassing op die reg beoog in subartikel (2) nie.

[Art. 16 is by art. 27 van Wet 7 van 2010 gewysig.]

Onteiening

17. Grond en saaklike regte in of oor die grond vir enige doel wat verband hou met *onderwys* in *skole* in die *provinsie* kan deur die *Provinsiale Minister* onteien word ingevolge artikel 58 van die *Suid-Afrikaanse Skolewet*.

[Art. 17 is by art. 27 van Wet 7 van 2010 gewysig.]

Sluiting van openbare skole

18. Die *Provinsiale Minister* kan, te eniger tyd 'n *openbare skool* sluit ingevolge artikel 33 van die *Suid-Afrikaanse Skolewet*.

[Art. 18 is by art. 15 van Wet 4 van 2018 vervang.]

Aanspreeklikheid van Staat

19. (1) Die Staat is aanspreeklik vir enige skade wat veroorsaak word as gevolg van enige daad of versuim in verband met enige opvoedkundige aktiwiteit wat deur 'n *openbare skool* bedryf word en waarvoor sodanige *openbare skool* aanspreeklik sou gewees het by gebrek aan die bepalinge van hierdie artikel.

(2) Die bepalinge van die Wet op Staatsaanspreeklikheid, 1957 (Wet 20 van 1957), is op 'n eis kragtens subartikel (1) van toepassing.

Plig van skole om inligting te verstrek

20. (1) 'n *Skool* moet inligting beskikbaar stel vir inspeksie deur enige *gemagtigde persoon*, insoverre as wat sodanige inligting vereis word vir die uitoefening en beskerming van sodanige persoon se regte.

(2) Elke *skool* moet sodanige inligting oor die *skool* as wat redelikerwys deur die *Departementshoof* vereis word, voorsien.

Skole vir leerders met spesiale onderwysbehoefte

20A. (1) 'n *Openbare skool* vir *leerders met spesiale onderwysbehoefte* soos in artikel 12(3) van die *Suid-Afrikaanse Skolewet* beoog, kan bestaan uit—

- (a) 'n spesiale *skool* om *onderwys* te voorsien aan *leerders* met leerhindernisse; of
- (b) 'n spesiale *skool* wat *onderwys* met 'n gespesialiseerde fokus voorsien.

(2) Die *Provinsiale Minister* kan, behoudens toepaslike nasionale norme en standaarde, by *regulasie* toelatingskriteria, befondsing en beheermodelle *voorskryf* vir die *skole* wat in subartikel (1) beoog word.

[Art. 20A is by art. 11 van Wet 7 van 2010 ingevoeg.]

Norme en standaarde vir basiese infrastruktuur en kapasiteit in openbare skole

20B. (1) Behoudens enige toepaslike nasionale norme en standaarde wat in artikel 146 (2) van die *Grondwet* beoog word, kan die *Provinsiale Minister* by *regulasie* minimum eenvormige norme en standaarde voorskryf vir—

[Woorde wat para. (a) voorafgaan, is by art. 16 van Wet 4 van 2018 vervang.]

- (a) skoolinfrastruktuur;
- (b) kapasiteit van 'n *skool* betreffende die aantal *leerders* wat 'n *skool* kan toelaat; en
- (c) die voorsiening van leer- en onderrigondersteuningsmateriaal.

(2) By die bepaling van beleid ingevolge artikels 5 (5) en 6 (2) van die *Suid-Afrikaanse Skolewet*, moet 'n *beheerliggaam* voldoen aan die norme en standaarde wat in subartikel (1) beoog word en enige norme en standaarde wat deur die *Nasionale Minister* ooreenkomstig artikel 5A van die *Suid-Afrikaanse Skolewet* voorgeskryf word.

(3) 'n *Beheerliggaam* moet, binne 'n tydperk van 12 maande nadat die *Provinsiale Minister* die norme en standaarde *voorgeskryf* het wat in subartikel (1) beoog word, of die *Nasionale Minister* die norme en standaarde *voorgeskryf* het wat in artikel 5A van die *Suid-Afrikaanse Skolewet* beoog word, enige beleid wat hulle ingevolge artikels 5 (5) en 6 (2) van *hierdie Wet* bepaal het ingevolge artikels 5(5) en 6(2) van *hierdie Wet* hersien om te verseker dat sodanige beleid aan die norme en standaarde voldoen.

[Art. 20B is by art. 11 van Wet 7 van 2010 ingevoeg.]

HOOFSTUK 4

BEHEERLIGGAME

Instelling van beheerliggame vir openbare skole

21. Die *Provinsiale Minister* moet vir 'n *openbare skool* 'n *beheerliggaam* instel ooreenkomstig die voorgeskrewe wyse: Met dien verstande dat, in plaas daarvan om vir elkeen van twee of meer sodanige *openbare skole* 'n *beheerliggaam* in te stel, kan hy of sy een *beheerliggaam* vir sodanige *skole* instel, welke *beheerliggaam* ook beheer sal uitoefen oor die *koshuis(e)* van die betrokke *skool* of *skole*, na gelang van die geval.

[Art. 21 is by art. 27 van Wet 7 van 2010 gewysig.]

Werksaamhede van alle beheerliggame

21A. (1) Behoudens *hierdie Wet* en die *Suid-Afrikaanse Skolewet* moet die *beheerliggaam* van 'n *openbare skool*—

- (a) die beste belange van die *skool* bevorder en daarna streef om sy ontwikkeling deur die voorsiening van gehalteonderwys vir alle *leerders* by die *skool* te verseker;
- (b) 'n grondwet aanvaar;
- (c) die missiestelling van die *skool* ontwikkel;
- (d) 'n gedragskode vir *leerders* by die *skool* aanvaar;

- (e) die *prinsipaal*, *opvoeders* en ander personeel van die *skool* in die verrigting van hulle professionele werksaamhede ondersteun;
- (f) hou by enige optrede van die *Departementshoof* ingevolge artikel 16 van die *Wet op die Indiensneming van Opvoeders* om te handel met die onbevoegdheid van 'n *prinsipaal* of *opvoeder* om hul pligte op doeltreffende wyse uit te voer;
- (g) die tye van die skooldag bepaal in ooreenstemming met enige toepaslike diensvoorwaardes van *personeellede* by die *skool*;
- (h) die *skool* se eiendom, en geboue en gronde deur die *skool* beset, met inbegrip van *koshuise*, administreer en beheer, maar die uitoefening van hierdie reg mag nie op enige wyse met die implementering van 'n besluit deur die *Provinsiale Minister* of die *Departementshoof* ingevolge enige wet of beleid inneng of dit andersins belemmer nie;
- (i) ouers, *leerders*, *opvoeders* en ander personeel van die *skool* aanmoedig om vrywillige dienste aan die *skool* te lewer;
- (j) die aanstelling van *opvoeders* by die *skool* by die *Departementshoof* aanbeveel, behoudens die *Wet op die Indiensneming van Opvoeders* en die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet 66 van 1995);
- (k) die aanstelling van nie-opvoederpersoneel by die *skool* by die *Departementshoof* aanbeveel, behoudens die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 van 1994), en die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995;
- (l) die aanbeveling maak wat in paragraaf (k) beoog word, binne die tydsraamwerke wat in artikel 6 (3) (l) van die *Wet op die Indiensneming van Opvoeders* beoog word;
- (m) op versoek van die *Departementshoof* die redelike gebruik onder regverdige omstandighede soos deur die *Departementshoof* bepaal van die fasiliteite van die *skool* toelaat vir opvoedkundige programme wat nie deur die *skool* aangebied word nie;
- (n) alle ander werksaamhede verrig wat deur of kragtens *hierdie Wet* of die *Suid-Afrikaanse Skolewet* aan die *beheerliggaam* opgelê word; en
- (o) ander werksaamhede verrig in ooreenstemming met die *Suid-Afrikaanse Skolewet*, soos deur die *Nasionale Minister* by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal, of deur die *Provinsiale Minister* by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*.

(2) Die *beheerliggaam* kan die redelike gebruik van die fasiliteite van die *skool* vir gemeenskaps-, sosiale en skoolfondsinsamelingsdoeleindes toelaat, onderworpe aan sodanige redelike en billike voorwaardes as wat die *beheerliggaam* kan bepaal, wat die heffing van gelde of tariewe wat aan die *skool* toeval, kan insluit.

(3) Die *beheerliggaam* kan aansluit by 'n vrywillige vereniging wat *beheerliggame* van *openbare skole* verteenwoordig.

(4) Behoudens *hierdie Wet*, die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995, en enige ander toepaslike wet, kan 'n *openbare skool* poste vir *opvoeders* instel en *opvoeders* in diens neem bykomend tot die diensstaat wat deur die *Provinsiale Minister* ingevolge artikel 3 (1) van die *Wet op die Indiensneming van Opvoeders* bepaal word.

(5) Behoudens *hierdie Wet*, die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995, en enige ander toepaslike wet, kan 'n *openbare skool* poste vir nie-opvoeders instel en nie-opvoederpersoneel in diens neem bykomend tot die diensstaat wat ingevolge die Staatsdienswet, 1994, bepaal word.

(6) 'n *Opvoeder* en 'n nie-opvoeder wat aangestel word in 'n pos wat ingevolge subartikel (4) of (5) ingestel is, moet voldoen aan die vereistes wat ingevolge *hierdie Wet*, die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995, en enige ander toepaslike wet vir indiensneming by *openbare skole* gestel word.

[Subartikel (7) is by art. 17(a) van Wet 4 van 2018 geskrap.]

(8) Die personeel beoog in subartikels (4) en (5) moet ooreenkomstig die basiese waardes en beginsels genoem in artikel 195 van die *Grondwet* in diens geneem word, en die faktore wat in berekening gebring word by die aanstellings, moet insluit, maar is nie beperk nie tot—

- (a) die bevoegdheid van die kandidaat;
- (b) die beginsel van billikheid;
- (c) die behoefte om ongeregthede van die verlede reg te stel; en
- (d) die behoefte aan verteenwoordigendheid.

(9) Wanneer die jaarlikse begroting soos beoog in artikel 38 van die *Suid-Afrikaanse Skolewet* ingedien word, moet die *beheerliggaam* van 'n *openbare skool* voldoende besonderhede van enige poste wat beoog word ingevolge subartikels (4) en (5) voorsien, met inbegrip van die geraamde koste betreffende die aanstelling van personeel in sodanige poste, en die wyse waarop voorgestel word dat sodanige koste gedra sal word.

(10) Ondanks artikel 60 van die *Suid-Afrikaanse Skolewet*, is die Staat nie aanspreeklik vir enige handeling of versuim by 'n *openbare skool* wat voortspruit uit sy kontraktuele verantwoordelikheid as die werkgewer teenoor personeel wat ingevolge subartikels (4) en (5) aangestel is nie.

(11) Die *Provinsiale Minister* kan by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* norme en standaarde bepaal betreffende die fondse wat gebruik word vir die aanstelling van personeel genoem in subartikels (4) en (5), maar sodanige norme en standaarde mag nie vertolk word as sou die Staat 'n medewerkgewer van sodanige personeel wees nie.

[Art. 21A is by art. 12 van Wet 7 van 2010 ingevoeg.]

[Subart. (11) is by art. 17(b) van Wet 4 van 2018 vervang.]

Vergaderings van beheerliggame

22. (1) 'n *Beheerliggaam* kies uit sy geledere ooreenkomstig die voorgeskrewe wyse, ten minste, 'n voorsitter, tesourier en sekretaris wat elkeen sy of haar amp vir die voorgeskrewe tydperk beklee.

(2) In die afwesigheid van die voorsitter van 'n vergadering van 'n *beheerliggaam* kies die aanwesige lede iemand uit hul geledere om op daardie vergadering voor te sit.

(3) Die beslissing van een meer as die helfte van die getal lede van 'n *beheerliggaam* wat op 'n vergadering van daardie *beheerliggaam* aanwesig is, maak 'n besluit van daardie *beheerliggaam* uit, en by 'n staking van stemme het die persoon wat op die vergadering voorsit, benewens sy of haar beraadslagende stem, 'n beslissende stem.

(4) Geen besluit deur 'n *beheerliggaam* geneem of handeling op gesag van 'n *beheerliggaam* bevestig, is ongeldig nie bloot vanweë die feit dat 'n vakature in daardie *beheerliggaam* bestaan het, of omdat iemand wat nie geregtig was nie om as 'n lid van daardie *beheerliggaam* sitting te neem as so 'n lid sitting geneem het, op die tydstip waarop die besluit geneem of die handeling gemagtig is, indien die besluit geneem of die handeling gemagtig is deur een meer as die helfte van die lede van die *beheerliggaam* wat toe aanwesig was en geregtig was om as lede sitting te neem.

Komitees

23. (1) 'n *Beheerliggaam* kan een of meer komitees stig, wat, onderworpe aan die voorskrifte van daardie *beheerliggaam*, die werksaamhede wat die *beheerliggaam* bepaal, kan verrig.

(2) 'n Komitee van 'n *beheerliggaam* bestaan uit een of meer lede van daardie *beheerliggaam* of een of meer ander persone wat nie lede van die *beheerliggaam* is nie.

(3) Een van die lede van 'n *beheerliggaam* word deur daardie *beheerliggaam* as voorsitter van die komitee aangewys.

(4) 'n *Beheerliggaam* word nie onthef van 'n werksaamheid wat ingevolge hierdie artikel aan 'n komitee van daardie *beheerliggaam* opgedra is nie.

(5) 'n *Beheerliggaam* kan te eniger tyd 'n komitee in subartikel (1) beoog, ontbind of hersaamstel.

Regulasies met betrekking tot beheerliggame

24. (1) Die *Provinsiale Minister* kan *regulasies* uitvaardig betreffende—

(a) die samestelling en werksaamhede van *beheerliggame*;

(b) die kwalifikasies vir aanstelling, benoeming of verkiesing as, die ampstermyne van, en die ontruiming van hul ampte deur lede van *beheerliggame*, en die vul van toevallige vakatures in *beheerliggame*;

(c) die wyse van verkiesing, werksaamhede van voorsitters, tesouriers en sekretarisse van *beheerliggame*;

(d) die byeenroeping van die prosedure en reëls by, en die kworum vir, vergaderings van *beheerliggame* en komitees van *beheerliggame*, en die hou van notules van daardie vergaderings; en

(e) die ontbinding en hersamestelling van *beheerliggame*.

(2) Die *Provinsiale Minister* vaardig geen *regulasie* betreffende enige geld of toelae betaalbaar aan of deur iemand, of betreffende die beheer oor geld en Staatsgoedere, uit nie, behalwe met die instemming van die *finansiële hoof*.

[Art. 24 is by art. 27 van Wet 7 van 2010 gewysig.]

Voortbestaan van sekere rade

25. Behoudens die bepalings van artikel 54 van die *Suid-Afrikaanse Skolewet*, gaan 'n bestuursraad, raad van bestuur, plaaslike of huishoudelike raad, komitee, bestuur of ander liggaam van 'n *openbare skool* voort om te bestaan.

[Art. 25 is by art. 27 van Wet 7 van 2010 gewysig.]

Vergoeding van lede van beheerliggame en komitees van beheerliggame

26. (1) Geen lid van 'n *beheerliggaam* of komitee van 'n *beheerliggaam* mag op enige wyse vergoed word vir die uitvoering van sy of haar pligte nie.

(2) Noodsaaklike onkoste deur 'n lid van 'n *beheerliggaam* of komitee van 'n *beheerliggaam* in die uitvoering van sy of haar pligte aangegaan, mag vergoed word deur die *beheerliggaam*.

Gedragskode van beheerliggaam

26A. (1) Die *Provinsiale Minister* moet, by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, 'n gedragskode vir die lede van die *beheerliggaam* van 'n *openbare skool* bepaal, ná oorleg met verenigings van *beheerliggame* in die *provinsie*, indien van toepassing.

(2) Die gedragskode wat in subartikel (1) genoem word, is gemik op die totstandbrenging van 'n gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing toegewy aan die handhawing en verbetering van 'n gehaltebeheerstruktuur by 'n *openbare skool*.

(3) Alle lede van 'n *beheerliggaam* moet by die gedragskode hou.

(4) Die gedragskode moet bepalings oor voorgeskrewe prosedure bevat wat die belange van lede van die *beheerliggaam* in dissiplinêre verrigtinge beskerm.

(5) Die *Departementshoof* mag ná die voorgeskrewe prosedure 'n lid van die *beheerliggaam* se lidmaatskap vir skending van die gedragskode opskort of beëindig.

(6) 'n Lid van 'n *beheerliggaam* kan by die *Provinsiale Minister* appelleer teen 'n besluit van die *Departementshoof* om lidmaatskap van 'n lid van 'n *beheerliggaam* op te skort of te beëindig.

[Art. 26A is by art. 13 van Wet 7 van 2010 ingevoeg.]

HOOFSTUK 5

ONAFHANKLIKE SKOLE

Stigting van onafhanklike skole

27. (1) Geen persoon mag 'n *onafhanklike skool* stig, voortsit of in stand hou nie, tensy dit by die *Departementshoof* geregistreer is.

(2) Behoudens *hierdie Wet* en enige toepaslike wetgewing, het elke persoon die reg om op sy of haar eie koste 'n *onafhanklike skool* te stig en te onderhou.

Toelatingsouderdom in onafhanklike skool

27A. (1) Die toelatingsouderdom van 'n *leerder* in 'n *onafhanklike skool* tot—

(a) graad R is vier, maar word vyf teen 30 Junie in die toelatingsjaar;

(b) graad 1 is vyf, maar word ses teen 30 Junie in die toelatingsjaar.

(2) 'n *Onafhanklike skool* kan 'n *leerder* toelaat wat onder die ouderdom is wat in subartikel (1) beoog word, indien—

(a) goeie gronde aan die *Departementshoof* gebied word; en

(b) die *leerder* voldoen aan die kriteria wat in artikel 45A (c) van die *Suid-Afrikaanse Skolewet* beoog word.

(3) Vir die doeleindes van subartikel (2) (a) beteken goeie gronde dat—

(a) daar getoon kan word dat buitengewone omstandighede bestaan wat die toelating van 'n onderouderdom-leerder noodsaak omdat toelating in die *leerder* se beste belang sou wees; en

(b) dat die weiering om daardie *leerder* toe te laat ernstig nadelig vir die *leerder* se ontwikkeling sou wees.

[Art. 27A is by art. 14 van Wet 7 van 2010 ingevoeg.]

Aansoek om registrasie

28. (1) Die *Provinsiale Minister* moet, by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, die gronde bepaal waarop die registrasie van 'n *onafhanklike skool* deur die *Departementshoof* toegestaan of ingetrek kan word.

[Subart. (1) is by art. 27 van Wet 7 van 2010 gewysig.]

(2) Enige persoon wat van voorneme is om 'n *onafhanklike skool* te stig, voort te sit of in stand te hou, moet skriftelik by die *Departementshoof* om die registrasie van daardie *onafhanklike skool* aansoek doen.

(3) 'n Aansoeker om die registrasie van 'n *onafhanklike skool* moet sodanige bykomende besonderhede in verband met sy of haar aansoek verstrek wat die *Departementshoof* vereis.

Oorweging van aansoeke om registrasie van onafhanklike skole

29. (1) Behoudens die bepalings van artikel 46 van die *Suid-Afrikaanse Skolewet*, kan die *Departementshoof* 'n aansoek bedoel in artikel 28, toestaan indien hy of sy van oordeel is dat daar aan die voorgeskrewe vereistes voldoen word.

[Subart. (1) is by art. 27 van Wet 7 van 2010 gewysig.]

(2) Indien die *Departementshoof* 'n aansoek bedoel in artikel 28 van die hand wys, moet hy of sy die aansoeker skriftelik van so 'n afwysing en die redes daarvoor in kennis stel.

Registrasie van onafhanklike skole

30. (1) Indien die *Departementshoof* 'n aansoek bedoel in artikel 28 toestaan, moet hy of sy die betrokke *onafhanklike skool* registreer en 'n registrasiesertifikaat in die vorm wat hy of sy bepaal, aan die aansoeker uitreik.

(2) Die registrasie van 'n *onafhanklike skool* is onderworpe aan die voorgeskrewe voorwaardes.

(3) 'n *Onafhanklike skool* geregistreer ingevolge 'n wet wat by *hierdie Wet* herroep is en wat onmiddellik voor die *vasgestelde datum* bestaan het, word vanaf daardie datum geag 'n *onafhanklike skool* te wees wat ingevolge *hierdie Wet* geregistreer is.

(4) Die eienaar van 'n *onafhanklike skool* kan sodanige *onafhanklike skool* self bestuur of hy of sy kan iemand aanstel of magtig om die *skool* namens hom of haar te bestuur behoudens die bepalings van *hierdie Wet*.

Subsidies aan geregistreerde onafhanklike skole

31. Die toestaan van subsidies aan geregistreerde *onafhanklike skole* moet hanteer word soos *voorgeskryf* deur die *Provinsiale Minister* met die instemming van die *finansiële hoof*.

[Art. 31 is by art. 18 van Wet 4 van 2018 vervang.]

Intrekking van registrasie

32. Die registrasie van 'n *onafhanklike skool* kan ingetrek word onder die voorgeskrewe omstandighede.

Appel teen weiering of intrekking van registrasie

33. (1) 'n Persoon wat hom of haar veronreg voel deur die weiering deur die *Departementshoof* van 'n aansoek beoog in artikel 28, of die intrekking van registrasie ingevolge artikel 32, kan, binne 30 dae nadat hy of sy kennis ontvang het van sodanige weiering of intrekking, skriftelik met 'n uiteensetting van die appèlgronde, teen die weiering of intrekking na die *Provinsiale Minister* appelleer.

(2) Die *Provinsiale Minister* moet 'n appèl in subartikel (1) bedoel, oorweeg, en kan die beslissing van die *Departementshoof* bekragtig of tersyde stel.

[Art. 33 is by art. 27 van Wet 7 van 2010 gewysig.]

Verklaring van onafhanklike skole tot openbare skole

34. (1) Die *Provinsiale Minister* kan met die eienaar van 'n *onafhanklike skool* 'n ooreenkoms aangaan ingevolge waarvan so 'n *skool* tot 'n *openbare skool* verklaar kan word.

(2) Geen ooreenkoms word kragtens subartikel (1) aangegaan nie behalwe met die instemming van die *finansiële hoof*.

(3) Indien 'n ooreenkoms kragtens subartikel (1) aangegaan is, moet die *Provinsiale Minister* by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* die betrokke *onafhanklike skool* tot 'n *openbare skool* verklaar met ingang van 'n datum in die kennisgewing vermeld.

[Art. 34 is by art. 27 van Wet 7 van 2010 gewysig.]

Gevolge van verklaring tot openbare skool

35. (1) Vanaf die datum vermeld in 'n kennisgewing beoog in artikel 34(3)—

- (a) word die betrokke *onafhanklike skool* geag 'n *openbare skool* te wees wat kragtens artikel 12 ingestel is;
- (b) berus daar nie langer enige regte of werksaamhede ten opsigte van die betrokke *skool* by die vorige eienaar nie;
- (c) berus die regte en verpligtings wat die betrokke eienaar vir die doeleindes van of in verband met die betrokke *skool* verkry of opgeloo het by die Staat; en
- (d) berus die eiendomsreg en beheer van roerende en onroerende goed wat onmiddellik voor daardie datum by die betrokke eienaar berus het en wat op die betrokke *skool* betrekking het, by die betrokke *openbare skool* tensy anders ooreengekom ingevolge artikel 34(1).

(2) Onroerende goed wat ingevolge subartikel (1)(d) by die betrokke *openbare skool* berus, word aan die betrokke *openbare skool* oorgedra sonder betaling van hereregte, seëlregte of enige ander gelde of koste, maar onderworpe aan enige bestaande reg, beswaring, verpligting of trust op of oor daardie goed.

(3) Die registrateur van aktes in wie se kantoor die onroerende goed bedoel in subartikel (2), geregistreer is, moet, by die voorlegging aan hom of haar van die betrokke titelbewys, die aantekeninge op daardie titelbewys en die inskrywings in sy of haar registers aanbring wat nodig is om die betrokke oordrag te registreer.

(4) Die verklaring van 'n *onafhanklike skool* tot 'n *openbare skool* raak nie enigiets wat wettig deur die betrokke eienaar voor sodanige verklaring gedoen is nie.

Registrasie van leerders vir onderwys tuis

36. Die vereistes en voorwaardes vir die registrasie van 'n *leerder* vir *onderwys tuis* is soos *voorgeskryf*.

Regulasies betreffende onafhanklike skole

37. (1) Die *Provinsiale Minister* kan *regulasies* uitvaardig betreffende—

- (a) die toelating van *leerders* van 'n *onafhanklike skool* tot eksamens wat deur of onder toesig van die *Wes-Kaapse Onderwysdepartement* afgeneem word;
- (b) die byhou van registers en ander dokumente deur 'n geregistreerde *onafhanklike skool*;
- (c) die wyse waarop 'n subsidie, indien die aansoek daarom goedgekeur is, aan 'n geregistreerde *onafhanklike skool* betaalbaar is;
- (d) die verval of intrekking van die registrasie van 'n *onafhanklike skool*; en
- (e) enige aangeleentheid betreffende *onafhanklike skole* wat kragtens *hierdie Wet* deur hom of haar *voorgeskryf* moet of kan word.

(2) Verskillende *regulasies* kan kragtens subartikel (1) ten opsigte van verskillende *onafhanklike skole* uitgevaardig word.

(3) Die *Provinsiale Minister* vaardig geen *regulasie* betreffende enige geld of toelae betaalbaar aan of deur iemand, of betreffende die beheer oor geld en Staatsgoedere, uit nie, behalwe met die instemming van die *finansiële hoof*.

[Art. 37 is by art. 27 van Wet 7 van 2010 gewysig.]

Voortbestaan van private skole

38. 'n *Private skool* wat geregistreer was of geag word geregistreer te gewees het ingevolge die bepalinge van 'n wet wat *onderwys* in die *provinsie* beheer, en wat bestaan het onmiddellik voor die *vasgestelde datum*, word geag 'n *onafhanklike skool* te wees kragtens artikel 30 van *hierdie Wet*.

HOOFSTUK 6

LEERDERS

Identifisering, toelating, plasing, verwysing, oorplasing, ontslag en vrystelling van leerders met spesiale onderwysbehoefte

39. (1) Die *Departementshoof* moet in die proses van identifisering, toelating, plasing, verwysing, oorplasing, ontslag en vrystelling van *verpligte skoolbywoning* van 'n *leerder met spesiale onderwysbehoefte* die regte en wense van die *ouer* van sodanige *leerder* in ag neem.

(2) Die *Departementshoof* moet die *ouer* van 'n *leerder* in subartikel (1) bedoel, skriftelik inlig oor elk van die handelinge in subartikel (1) beoog.

(3) Indien die *ouer* in subartikels (1) en (2) bedoel, gegrief is oor enige van die handelinge in subartikel (1) en/of (2) beoog, kan die *ouer* binne 30 dae vanaf die datum van die ontvangs van die skriftelike verslae oor enige van hierdie handelinge teen die bevindings na die *Provinsiale Minister* appelleer.

(4) Die *Provinsiale Minister* moet 'n appèl in subartikel (3) beoog, oorweeg en kan die bevindings van die *Departementshoof* bekragtig of tersyde stel.

[Art. 39 is by art. 27 van Wet 7 van 2010 gewysig.]

[Artikel 40 is by art. 19 van Wet 4 van 2018 herroep.]

Toelating tot openbare skole

41. (1) 'n *Openbare skool* moet *leerders* toelaat en in hul onderwysbehoefte voorsien sonder om op enige wyse onbillik te diskrimineer.

(2) Die *beheerliggaam* van 'n *openbare skool* mag geen toets afneem in verband met die toelating van 'n *leerder* tot 'n *openbare skool* of die *prinsipaal* van die *skool* of enige ander persoon aansê of magtig om sodanige toets af te neem nie, behalwe in die geval van die toelating van 'n *leerder* tot 'n *openbare skool* beoog in artikel 20A.

[Subart. (2) is by art. 20 van Wet 4 van 2018 vervang.]

(3) Geen *leerder* mag toelating tot 'n *openbare skool* geweier word op grond daarvan dat die *leerder* se *ouer*—

(a) nie in staat is om *skoolgeld* wat kragtens artikel 39 van die *Suid-Afrikaanse Skolewet* bepaal is te betaal nie, of dit nie betaal het nie;

(b) nie die *skool* se missiestelling onderskryf nie; of

(c) geweier het om 'n kontrak aan te gaan waarvolgens die *ouer* afstand doen van enige eis om skadevergoeding wat ontstaan uit die *onderwys* van die *leerder*.

(4) (a) Die toelatingsouderdom van 'n *leerder* in 'n *openbare skool* tot—

(i) *graad R* is vier, maar word vyf teen 30 Junie in die toelatingsjaar;

(ii) *graad 1* is vyf, maar word ses teen 30 Junie in die toelatingsjaar.

(b) Behoudens die beskikbaarheid van geskikte skoolplekke en ander opvoedkundige hulpbronne mag die *Departementshoof* 'n *leerder* wat onder die ouderdom is wat in paragraaf (a) beoog word, toelaat indien—

(i) goeie gronde aan die *Departementshoof* gebied word; en

(ii) die *leerder* voldoen aan die kriteria wat in artikel 5(4)(c) van die *Suid-Afrikaanse Skolewet* beoog word.

(c) Vir die doeleindes van subartikel (b)(i) beteken goeie gronde dat—

(i) daar getoon kan word dat buitengewone omstandighede bestaan wat die toelating van 'n onderouderdom-leerder noodsaak omdat toelating in die *leerder* se belang sou wees; en

(ii) dat die weiering om daardie *leerder* toe te laat ernstig nadelig vir die *leerder* se ontwikkeling sou wees.

(5) Behoudens hierdie *Wet* en die *Suid-Afrikaanse Skolewet* word die toelatingsbeleid van 'n *openbare skool* deur die *beheerliggaam* van die *skool* bepaal.

(6) 'n Aansoek om die toelating van 'n *leerder* tot 'n *openbare skool* moet gerig word aan die *Wes-Kaapse Onderwysdepartement* op 'n wyse wat die *Departementshoof* bepaal.

(7) Indien 'n aansoek ingevolge subartikel (6) geweier word, moet die *Departementshoof* die *ouer* skriftelik aangaande die weiering en die rede daarvoor in kennis stel.

(8) Enige *leerder* of *ouer* van 'n *leerder* wat toelating geweier is tot 'n *openbare skool* kan by die *Provinsiale Minister* teen die besluit appelleer.

[Art. 41 is by art. 15 van Wet 7 van 2010 vervang.]

Verpligte skoolbywoning

42. (1) Behoudens die *Suid-Afrikaanse Skolewet* moet elke *ouer* sorg dat elke *leerder* waarvoor hy of sy verantwoordelik is 'n *skool* bywoon, vanaf die eerste skooldag van die jaar waarin die *leerder* die ouderdom van sewe jaar bereik tot die laaste skooldag van die jaar waarin die *leerder* die ouderdom van vyftien jaar of die negende *graad* bereik, watter ook al eerste plaasvind.

(2) Die *Provinsiale Minister* moet verseker dat daar genoeg skoolplekke is sodat elke kind wat in die *provinsie* woon *skool* kan bywoon soos deur subartikel (1) vereis word.

(3) Indien die *Provinsiale Minister* nie kan voldoen aan subartikel (2) nie as gevolg van 'n gebrek aan kapasiteit op die datum van inwerkingtreding van die Wysigingswet op Wes-Kaapse Provinsiale Skoolonderwys, 2010, moet hy of sy stappe doen om sodanige gebrek aan kapasiteit so spoedig moontlik reg te stel en 'n jaarlikse verslag oor die vordering wat hiermee gemaak is aan die *Nasionale Minister* voorlê.

(4) Indien 'n *leerder* wat onderworpe is aan verpligte bywoning ingevolge subartikel (1) nie ingeskryf is nie of in gebreke bly om 'n *skool* by te woon, kan die *Departementshoof*—

- (a) die omstandighede van die *leerder* se afwesigheid van *skool* ondersoek;
- (b) toepaslike stappe doen om die situasie reg te stel; en
- (c) by gebrek aan sodanige oplossing, aan die *ouer* van die *leerder* 'n skriftelike kennisgewing uitreik om voldoening aan subartikel (1) te vereis.

(5) Behoudens die *Suid-Afrikaanse Skolewet*, en enige ander toepaslike wet—

- (a) is enige *ouer* wat, sonder regverdigde saak en na 'n skriftelike kennisgewing van die *Departementshoof*, nalaat om aan subartikel (1) te voldoen, skuldig aan 'n oortreding en by skuldigbevinding onderhewig aan 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande;
- (b) is enige ander persoon wat sonder regverdigde saak 'n *leerder* wat onderhewig is aan *verpligte skoolbywoning* verhinder om 'n *skool* by te woon, skuldig aan 'n oortreding en by skuldigbevinding onderhewig aan 'n boete of aan gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande.

[Art. 42 is by art. 16 van Wet 7 van 2010 vervang.]

Vrystelling van verpligte skoolbywoning

43. (1) Die *Departementshoof* kan, by ontvangs van 'n geskrewe aansoek, hetsy in die geheel of vir die tydperk en op die voorwaardes wat hy of sy bepaal, 'n *leerder* skriftelik in die geheel, gedeeltelik of voorwaardelik vrystel van *verpligte skoolbywoning* ingestel kragtens artikel 42, indien dit in die beste belang van die *leerder* is.

[Subart. (1) is by art. 17 van Wet 7 van 2010 vervang.]

(2) Die *Departementshoof* moet 'n register byhou van alle *leerders* wat van *verpligte skoolbywoning* vrygestel is.

Taalbeleid en godsdiensbeoefening in openbare skole

44. Behoudens die bepalings van artikels 6 en 7 van die *Suid-Afrikaanse Skolewet*, word die taalbeleid en die godsdiensbeoefening van 'n *openbare skool* deur sy *beheerliggaam* bepaal: Met dien verstande dat, in die geval van 'n *openbare skool* vir *leerders met spesiale onderwysbehoefes*, moet die *beheerliggaam* die taalbeleid van die *skool* in ooreenstemming met die *Departementshoof* bepaal.

[Art. 44 is by art. 27 van Wet 7 van 2010 gewysig.]

Gedragkode, skorsing en uitsetting by openbare skole

45. (1) Die *beheerliggaam* van 'n *openbare skool* moet 'n gedragkode vir *leerders* ingevolge artikel 8 van die *Suid-Afrikaanse Skolewet* aanvaar.

(2) 'n *Beheerliggaam* kan, op redelike gronde en as 'n voorsorgmaatreël, 'n *leerder* wat verdink word van ernstige wangedrag skors van skoolbywoning, maar mag slegs die skorsing toepas nadat die *leerder* 'n redelike geleentheid gebied is om verhoë betreffende die skorsing tot die *beheerliggaam* te rig.

[Subart. (2) is by art. 18 van Wet 7 van 2010 vervang.]

(3) 'n *Beheerliggaam* moet dissiplinêre verrigtinge teen 'n *leerder* aanvoer op die wyse wat in artikel 8 van die *Suid-Afrikaanse Skolewet* beoog word, binne sewe skooldae na die skorsing van die *leerder*.

(4) Indien dissiplinêre verrigtinge nie binne sewe skooldae ná die skorsing van 'n *leerder* aangevoer word nie, moet die *beheerliggaam* goedkeuring verkry van die *Departementshoof* vir die voortsetting van die skorsing van die *leerder*.

[Subart. (3) en (4) is by art. 18 van Wet 7 van 2010 bygevoeg.]

(5) 'n *Beheerliggaam* kan, indien 'n *leerder* skuldig bevind word aan ernstige wangedrag tydens die dissiplinêre verrigtinge in artikel 8 van die *Suid-Afrikaanse Skolewet* beoog—

- (a) die skorsing van die *leerder* oplê vir 'n tydperk van hoogstens sewe skooldae of enige ander sanksie in die gedragskode van die *openbare skool* beoog; of
- (b) 'n aanbeveling aan die *Departementshoof* maak om—
 - (i) die *leerder* na 'n *intervensiefasiliteit* te verwys vir 'n bepaalde tydperk van hoogstens 12 maande op 'n keer, indien die *ouers* tot die verwysing instem; of
 - (ii) die *leerder* uit die *openbare skool* te sit.

[Para. (b) is by art. 21(a) van Wet 4 van 2018 vervang.]

[Subart. (5) is by art. 18 van Wet 7 van 2010 bygevoeg.]

(6) Die *Departementshoof* moet, binne 14 dae ná ontvangs van 'n aanbeveling beoog in subartikel (5)(b)—

- (a) in die geval van 'n aanbeveling beoog in subartikel (5)(b)(i), besluit om die *leerder* na 'n *intervensiefasiliteit* te verwys al dan nie, vir 'n tydperk van hoogstens 12 maande op 'n keer, indien die *ouers* tot die verwysing instem; of
- (b) in die geval van 'n aanbeveling beoog in subartikel (5)(b)(ii), besluit om die *leerder* uit te sit al dan nie.

[Subart. (6) is by art. 18 van Wet 7 van 2010 bygevoeg en is by art. 21(b) van Wet 4 van 2018 vervang.]

(7) 'n *Beheerliggaam* kan 'n *leerder* skors of die skorsing van 'n *leerder* verleng vir 'n tydperk van hoogstens 14 skooldae in afwagting van die besluit deur die *Departementshoof* om die *leerder* uit die *openbare skool* te sit al dan nie, of om die *leerder* na 'n *intervensiefasiliteit* te verwys al dan nie.

[Subart. (7) is by art. 18 van Wet 7 van 2010 bygevoeg en is by art. 21(c) van Wet 4 van 2018 vervang.]

(8) 'n *Leerder* in 'n *openbare skool* kan uitgesit word slegs—

- (a) deur die *Departementshoof*; en
 - (b) indien skuldig bevind aan ernstige wangedrag ná dissiplinêre verrigtinge, soos in artikel 8 van die *Suid-Afrikaanse Skolewet* beoog, onderneem is.
- (9) Die *Provinsiale Minister* moet by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* bepaal—
- (a) watter gedrag van 'n *leerder* by 'n *openbare skool* ernstige wangedrag kan uitmaak;
 - (b) watter dissiplinêre verrigtinge in sodanige gevalle gevolg moet word;
 - (c) watter bepalinge van die voorgeskrewe prosedure die belange van die *leerder* en enige ander party betrokke by dissiplinêre verrigtinge beveilig.

(10) 'n *Leerder* of die *ouer* van 'n *leerder* wat uit 'n *openbare skool* gesit is, kan binne 14 skooldae na die ontvangs van die uitsettingskennisgewing by die *Provinsiale Minister* appèl aanteken teen die besluit van die *Departementshoof*.

(11) Indien 'n *leerder* wat onderworpe is aan verpligte bywoning ingevolge artikel 42 (1) uitgesit is uit 'n *openbare skool*, moet die *Departementshoof* 'n alternatiewe reëling tref vir sy of haar plasing by 'n *openbare skool*.

(12) 'n *Leerder* wat geappelleer het op die wyse in subartikel (10) beoog, moet, in afwagting van die uitkoms van die appèl, toegang tot *onderwys* verleen word op die wyse soos deur die *Departementshoof* bepaal.

(13) Die *Departementshoof*, by die bepaling van die wyse van bywoning in subartikel (12) beoog, moet—

- (a) redelike maatreëls tref om die regte van ander *leerders* en *opvoeders* by die *openbare skool* te beskerm; en
- (b) kan 'n alternatiewe wyse oorweeg om *onderwys* te verskaf aan die *leerder* wat in subartikel (12) beoog word.

(14) Indien die *Departementshoof* besluit om nie 'n *leerder* in subartikel (8) beoog uit te sit nie, kan die *Departementshoof*, na oorlegpleging met die *beheerliggaam*, 'n geskikte sanksie aan die *leerder* oplê.

[Subart. (8) tot (14) is by art. 18 van Wet 7 van 2010 bygevoeg.]

(14A) Die sanksie bedoel in subartikel (14) kan, op die aanbeveling van die *beheerliggaam* en met die instemming van die *ouers* van die *leerder*, verwysing insluit na 'n *intervensiefasiliteit* vir 'n bepaalde tydperk, wat nie 12 maande op 'n keer mag oorskry nie.

(14B) 'n *Leerder* wat ingevolge subartikel (6)(a) of (14A) verwys is na 'n *intervensiefasiliteit* moet, by die verval van die bepaalde tydperk beoog in daardie subartikels, by dieselfde *openbare skool* toegelaat word wat hy of sy voor die verwysing bygewoon het.

[Subart. (14A) en (14B) is by art. 21(d) van Wet 4 van 2018 ingevoeg.]

(15) Indien die *Departementshoof* besluit om nie 'n sanksie aan die *leerder* op te lê nie, moet die *Departementshoof* die saak na die *beheerliggaam* vir 'n alternatiewe sanksie terugverwys, buiten uitsetting, ingevolge die gedragskode wat in subartikel (1) beoog word.

(16) Die *beheerliggaam* moet die sanksie implementeer wat in subartikel (14) beoog word.

[Subart. (15) en (16) is by art. 18 van Wet 7 van 2010 bygevoeg.]

[Art. 45 is by art. 27 van Wet 7 van 2010 gewysig.]

Verbod op gevaarlike voorwerpe, alkoholiese drank of onwettige dwelms op skoolterreine

45A. (1) Tensy dit deur die *prinsipaal* om wettige opvoedkundige redes gemagtig is, mag geen persoon enige *gevaarlike voorwerp*, alkoholiese drank of *onwettige dwelm* op die skoolterrein bring of enige *gevaarlike voorwerp*, alkoholiese drank of *onwettige dwelm* op 'n skoolterrein of tydens enige *skoolaktiwiteit* in sy of haar besit hê nie.

(1A) Subartikel (1) is nie van toepassing nie op die wetlike verbruik van alkoholiese drank deur 'n persoon wat nie 'n leerder is nie by 'n *skoolaktiwiteit* wat buite die skoolperseel gehou word.

[Subart. (1A) is by art. 22 van Wet 4 van 2018 ingevoeg.]

(2) Die *prinsipaal* of sy of haar gedelegeerde mag—

(a) enige *leerder* of die eiendom van enige *leerder* vir enige *gevaarlike voorwerp*, alkoholiese drank of *onwettige dwelm* deursoek, indien die *prinsipaal* op enige redelike gronde die teenwoordigheid van 'n *gevaarlike voorwerp*, alkoholiese drank of 'n *onwettige dwelm* op die skoolterrein of tydens 'n *skoolaktiwiteit* vermoed; en

(b) beslag lê op enige *gevaarlike voorwerp*, alkoholiese drank of *onwettige dwelm* wat tydens die ondersoek gevind word.

(3) 'n Persoon wat 'n deursoeking doen soos in subartikel (2) beoog, moet dit uitvoer op 'n wyse wat redelik en in verhouding is tot die doelstellings en doelwitte van die ondersoek.

(4) Waar 'n ondersoek in subartikel (3) beoog die deursoeking van enige *leerder* insluit, moet die persoon wat die *leerder* deursoek—

(a) nie van die *leerder* verwag om enige kledingstukke behalwe boklere te verwyder nie;

(b) van dieselfde geslag wees as die *leerder*; en

(c) die deursoeking net uitvoer in die teenwoordigheid van 'n ander *personeellid* wat ook van dieselfde geslag as die *leerder* is.

(5) Indien, as gevolg van 'n deursoeking of as gevolg van betroubare inligting wat ontvang is, of om enige ander rede, die *prinsipaal* goeie rede het om te glo dat enige *gevaarlike voorwerp*, alkoholiese drank of *onwettige dwelm* op die liggaam of persoon van 'n spesifieke *leerder* versteek is, kan die *prinsipaal* 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisie diens versoek om 'n uitvoeriger deursoeking van daardie *leerder* se persoon te doen, wat die verwydering van kledingstukke kan behels.

(6) Enige *gevaarlike voorwerp*, alkoholiese drank of *onwettige dwelm* waarop beslag gelê word, moet—

(a) duidelik en korrek gemerk word met volle besonderhede, insluitende—

(i) waar dit gevind is en, indien van toepassing, die naam van die *leerder* in wie se besit dit gevind is;

(ii) die tyd en datum van deursoeking en beslaglegging;

(iii) 'n voorvalverwysingsnommer;

(iv) die naam van die persoon wat die ondersoek gedoen het;

(v) die naam van die *personeellid* in wie se teenwoordigheid die deursoeking gedoen is, indien van toepassing; en

(vi) enige ander besonderhede wat nodig kan wees om die item en die voorval te identifiseer;

(b) in die *skool* se verslagboek aangeteken word; en

(c) onmiddellik oorhandig word aan 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisie diens om daarmee weg te doen ingevolge artikel 31 van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977).

(7) Indien die polisie nie die *gevaarlike voorwerp*, alkoholiese drank of *onwettige dwelm* onmiddellik van die *skool* kan verwyder nie, moet die *prinsipaal* of sy of haar gedelegeerde—

(a) die *gevaarlike voorwerp*, alkoholiese drank of *onwettige dwelm* na die naaste polisiekantoor neem; en

(b) die *gevaarlike voorwerp*, alkoholiese drank of *onwettige dwelm* aan die polisie oorhandig om daarmee weg te doen ingevolge artikel 31 van die Strafproseswet, 1977.

(8) Die polisiebeampte wat die *gevaarlike voorwerp*, alkoholiese drank of *onwettige dwelm* in ontvangs neem, moet 'n amptelike kwitansie daarvoor aan die *prinsipaal* of gedelegeerde uitreik.

- (9) Die *prinsipaal* of sy of haar gedelegerde kan 'n urien- of ander nie-ingrypende toets doen op enige *leerder* indien die *prinsipaal* redelike gronde het om te vermoed dat die *leerder*—
- (a) in besit is van of alkoholiese drank of *onwettige dwelms* gebruik; of
 - (b) gedurende skoolure of by 'n *skoolaktiwiteit* onder die invloed van alkoholiese drank of *onwettige dwelms* is.
- (10) 'n *Leerder* wat in subartikel (9) beoog word, kan onderwerp word aan 'n urien- of ander nie-ingrypende toets vir *onwettige dwelms* of alkoholiese drank, slegs indien—
- (a) die toets uitgevoer word deur 'n persoon van dieselfde geslag as die *leerder*;
 - (b) dit in 'n private area plaasvind;
 - (c) een volwasse getuie, van dieselfde geslag as die *leerder*, teenwoordig is;
 - (d) die monster duidelik en korrek met volledige besonderhede gemerk is soos in subartikel (6) beoog, met die nodige veranderinge; en
 - (e) 'n instrument gebruik word wat in artikel 8A (11) van die *Suid-Afrikaanse Skolewet* beoog word.
- (11) Die *prinsipaal* of sy of haar gedelegerde moet—
- (a) binne een werksdag, indien prakties uitvoerbaar, die *ouer* van die betrokke *leerder* inlig dat 'n toets of deursoeking en beslaglegging ten opsigte van die *leerder* gedoen is; en
 - (b) die *leerder* en *ouer* inlig van die uitslag van die toets onmiddellik nadat dit beskikbaar gestel word.
- (12) 'n Persoon wat gesag kragtens hierdie artikel uitoefen, kan sodanige mag gebruik as wat in die omstandighede redelik is vir die uitoefening van daardie mag.
- (13) 'n *Leerder* kan aan dissiplinêre verrigtinge onderwerp word indien—
- (a) die *leerder* gedurende skoolure of by 'n *skoolaktiwiteit* in besit is van 'n *gevaarlike voorwerp*, alkoholiese drank of *onwettige dwelm*; of
 - (b) die *leerder* in die omstandighede beskryf in subartikel (10) positief vir alkoholiese drank of 'n *onwettige dwelm* getoets is.
- (14) Enige dissiplinêre verrigtinge ten opsigte van 'n *leerder* moet geskied ingevolge die gedragskode wat in artikel 45(1) beoog word.

[Art. 45A is by art. 19 van Wet 7 van 2010 ingevoeg.]

Uitsondering op verbod op alkoholiese drank op skoolpersele of gedurende skoolaktiwiteite

45B. (1) Ondanks die verbod op alkoholiese drank op skoolpersele of gedurende enige *skoolaktiwiteit* beoog in artikel 45A(1) kan die *Departementshoof*, by skriftelike aansoek, 'n *beheerliggaam* of, in die geval van 'n personeelfunksie, 'n *prinsipaal* van 'n *openbare skool* magtig om die verbruik of verkoop van alkoholiese drank op die skoolperseel of by 'n *skoolaktiwiteit* of *skoolaktiwiteite* wat op die skoolperseel gehou word, toe te laat.

(2) By die oorweging van 'n aansoek beoog in subartikel (1) moet die *Departementshoof* die beleide van die Wes-Kaapse Regering rakende alkoholskadevermindering behoorlik in ag neem.

(3) 'n *Beheerliggaam* of *prinsipaal* aan wie die magtiging beoog in subartikel (1) gegee is, mag die verbruik of verkoop van alkoholiese drank toelaat op die skoolperseel of by enige *skoolaktiwiteit* of *skoolaktiwiteite* wat op die skoolperseel gehou word.

(4) Die verbruik of verkoop van alkoholiese drank soos beoog in hierdie artikel is onderhewig aan—

- (a) die Wes-Kaapse Drankwet, 2008, en enige voorwaardes wat ingevolge daardie Wet opgelê word; en
- (b) enige voorwaardes opgelê deur—
 - (i) die *beheerliggaam*;
 - (ii) die *prinsipaal* in die geval van 'n personeelfunksie; en
 - (iii) die *Departementshoof*.

(5) Ondanks subartikels (1) en (3) word die verbruik en verkoop van alkoholiese drank op 'n skoolperseel of by 'n *skoolaktiwiteit* nie gedurende skoolure toegelaat nie.

(6) Die *Departementshoof* kan, op redelike gronde, die magtiging beoog in subartikel (1) terugtrek.

(7) Die *Departementshoof* kan nie die magtiging beoog in subartikel (1) terugtrek nie tensy hy of sy—

- (a) die *beheerliggaam* of *prinsipaal* in kennis gestel het van sy of haar voorneme om dit te doen en die redes daarvoor;
- (b) die *beheerliggaam* of *prinsipaal* 'n redelike geleentheid gegee het om vertoë in verband daarmee aan hom of haar te rig; en
- (c) enige vertoë wat ontvang is, behoorlik oorweeg het.

(8) In dringende gevalle kan die *Departementshoof* 'n magtiging beoog in subartikel (1) terugtrek sonder om aan subartikel (7) te voldoen, mits die *Departementshoof*—

- (a) redes vir sy of haar besluit aan die *beheerliggaam* of *prinsipaal* verskaf;
- (b) die *beheerliggaam* of *prinsipaal* 'n redelike geleentheid gee om verhoë te rig betreffende sy of haar besluit; en
- (c) enige verhoë wat ontvang word, behoorlik oorweeg.

(9) Die *Departementshoof* kan, by aanvoering deur die *skool* van grondige redes, sy of haar besluit beoog in subartikel (6) of (8) omkeer of opskort.

(10) Enige persoon wat deur 'n besluit van die *Departementshoof* ingevolge hierdie artikel gegrief is, kan teen die besluit by die *Provinsiale Minister* appelleer.

(11) Die *Departementshoof*—

- (a) kan aan *skole* riglyne ooreenkomstig hierdie artikel uitreik vir die verbruik of verkoop van alkoholiese drank op 'n skoolperseel of by 'n *skoolaktiwiteit*; en
- (b) moet aan *skole* riglyne ooreenkomstig hierdie artikel uitreik rakende die teenwoordigheid van *leerders* wanneer alkoholiese drank op 'n skoolperseel of by 'n *skoolaktiwiteit* verbruik of verkoop word.

[Art. 45B is by art. 23 van Wet 4 van 2018 ingevoeg.]

Toestemming vir skooluitstappies

45C. 'n *Openbare skool* moet die vooraf verkreeë skriftelike toestemming van 'n *ouer* bekom wat die leerder se bywoning van 'n *skoolaktiwiteit* buite die skoolperseel, behalwe roetine-sportaktiwiteite, magtig.

[Art. 45C is by art. 23 van Wet 4 van 2018 ingevoeg.]

Lyfstraf

46. Geen persoon mag lyfstraf aan 'n *leerder* by 'n *skool* toedien nie.

Verbod op inisiasiepraktyke

46A. (1) 'n Persoon mag nie enige inisiasiepraktyke teen enige *leerder* by 'n *skool* onderneem of daaraan deelneem nie.

(2) (a) Enige persoon wat subartikel (1) oortree, is skuldig aan wangedrag en dissiplinêre optrede moet teen sodanige persoon ingestel word ooreenkomstig die toepaslike gedragskode wat in artikel 26A of 45(1) van *hierdie Wet* beoog word of vervat is in Bylae 2 by die *Wet op die Indiensneming van Opvoeders*.

(b) Benewens paragraaf (a) kan 'n *leerder* siviele aksie instel teen 'n persoon of 'n groep wat daardie *leerder* gemanipuleer en gedwing het om enige inisiasiepraktyke te onderneem of daaraan deel te neem.

(3) Vir die doeleindes van *hierdie Wet*, beteken 'inisiasiepraktyke' enige daad wat in die proses van inisiasie, toelating tot, of affiliasie met, of as voorwaarde vir voortgesette lidmaatskap van, 'n *skool*, 'n groep, binnemuurse of buitemuurse aktiwiteite, interskoolsportspan, of organisasie—

- (a) die geestelike of fisiese gesondheid of veiligheid van 'n persoon in gevaar stel;
- (b) die intrinsieke waarde van mense ondermyn deur sommige as ondergeskik aan andere te behandel;
- (c) individue onderwerp aan vernederende of gewelddadige handeling wat die grondwetlike waarborg van waardigheid in die Handves van Regte ondermyn;
- (d) die fundamentele regte en waardes ondermyn waarop die *Grondwet* gebaseer is;
- (e) die ontwikkeling van 'n ware demokratiese kultuur waarvolgens 'n individu geregtig is om met respek en sorgsaamheid behandel te word, belemmer; of
- (f) openbare of private eiendom vernietig.

[Art. 46A is by art. 20 van Wet 7 van 2010 ingevoeg.]

Verbod op politieke aktiwiteite in skooltyd

46B. (1) Skooltyd moet slegs vir opvoedkundige aktiwiteite gebruik word.

(2) Geen persoon mag partypolitieke aktiwiteite op skoolterreine tydens skooltyd bedryf nie, met inbegrip van—

- (a) die hou van veldtogte;
- (b) die hou van 'n saamtrek;

- (c) die verspreiding van partypolitiese literatuur; en
- (d) die opsit van plakkaat.

(3) 'n *Beheerliggaam* of *prinsipaal* mag nie 'n politieke party of 'n lid van sodanige party toelaat om politieke aktiwiteite by 'n *skool* gedurende skoolure te bedryf nie.

(4) 'n *Skool* mag nie die vertoning van materiaal van 'n partypolitiese aard op die skoolterrein toelaat nie, behalwe as deel van die voorgeskrewe kurrikulum.

(5) Vir doeleindes van hierdie artikel beteken 'skooltyd' die tye van die skooldag soos bepaal deur die *beheerliggaam* kragtens artikel 21A (1)(g), en enige ander tyd waartydens kurrikulêre of ekstrakurrikulêre aktiwiteite op die skoolterrein plaasvind.

(6) Indien 'n *beheerliggaam* toelaat dat die terrein van 'n *skool* deur 'n politieke party gebruik word, moet dit in ooreenstemming met die *Grondwet* en *hierdie Wet* gedoen word.

[Art. 46B is by art. 20 van Wet 7 van 2010 ingevoeg.]

Uitsluiting van bepalings van die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes, 1993

47. Geen *leerder* aan 'n *openbare skool* word by die toepassing van die bepalings van die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes, 1993, geag 'n werksman of 'n ander persoon wat op betaling van skadeloosstelling of 'n ander voordeel kragtens genoemde Wet geregtig is, te wees nie.

Verteenwoordigende raad van leerders

48. (1) 'n *Verteenwoordigende raad van leerders* by die *skool* moet ingestel word by elke *openbare skool* wat *leerders* in die agste *graad* of hoër inskryf, en hierdie raad is die enigste erkende en wettige verteenwoordigende leerderliggaam by die *skool*.

(2) Die *Provinsiale Minister* moet, by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, die werksaamhede en prosedures vir die vestiging en verkiesing van *vertteenwoordigende rade van leerders* bepaal.

[Subart. (2) is by art. 24 van Wet 4 van 2018 vervang.]

(3) Die *Provinsiale Minister* kan, by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, 'n *openbare skool* vir *leerders met spesiale onderwysbehoefes* vrystel van voldoening aan subartikel (1) indien dit nie prakties moontlik is om 'n *vertteenwoordigende raad van leerders* by die *skool* in te stel nie.

[Art. 48 is by art. 21 van Wet 7 van 2010 vervang.]

HOOFSTUK 7

DIVERSE

Skoolgeld by openbare skole

49. (1) Behoudens die *Suid-Afrikaanse Skolewet* kan *skoolgeld* bepaal en gehef word by 'n *openbare skool* slegs as 'n resoluëie om dit te doen aanvaar is deur 'n meerderheid van *ouers* wat die vergadering genoem in artikel 38 (2) van daardie Wet bywoon.

(2) 'n Resoluëie in subartikel (1) beoog, maak voorsiening vir —

- (a) die bedrag van die *skoolgeld* wat gehef sal word;
- (b) billike kriteria en prosedures vir die algehele, gedeeltelike of voorwaardelike vrystelling van *ouers* wat nie in staat is om *skoolgeld* te betaal nie; en
- (c) 'n skoolbegroting wat die geraamde kumulatiewe uitwerking weerspieël van —
 - (i) die gevestigde tendense van die niebetaling van *skoolgeld*; en
 - (ii) die algehele, gedeeltelike of voorwaardelike vrystelling wat aan *ouers* verleen word kragtens die *regulasies* wat in artikel 39 (4) van die *Suid-Afrikaanse Skolewet* beoog word.

(3) Die *beheerliggaam* moet 'n resoluëie implementeer wat aanvaar is op die vergadering wat in subartikel (1) beoog word.

(4) 'n *Openbare skool* mag geen registrasie-, administrasie- of ander gelde hef nie, behalwe *skoolgeld* soos in artikel 1 omskryf.

(5) 'n *Openbare skool* mag nie vir 'n *ouer* van 'n *leerder* verskillende *skoolgelde* hef gebaseer op 'n kurrikulum of buitemuurse kurrikulum binne dieselfde *graad* nie.

(6) Die *Provinsiale Minister* moet al die *skole* binne die *provinsie* identifiseer en 'n lys opstel van al die *skole* wat in artikel 39(7) van die *Suid-Afrikaanse Skolewet* beoog word.

(7) Die *skole* wat in artikel 39(7) van die *Suid-Afrikaanse Skolewet* beoog word, mag ondanks daardie artikel wel *skoolgeld* hef indien hulle minder van die *Wes-Kaapse Onderwysdepartement* ontvang as die geengelde-drempel wat in artikel 39 (8) van die *Suid-Afrikaanse Skolewet* genoem word.

(8) Die reg van die *skool* om *skoolgeld* te hef ingevolge subartikel (7) is beperk tot 'n bedrag gelykstaande aan die totaal wat verkry word indien die werklike bedrag wat van die Staat ontvang word van die geengelde-drempel afgetrek word.

[Art. 49 is by art. 22 van Wet 7 van 2010 vervang.]

Skoolfondse en bates van openbare skole

50. Behoudens die bepalings van artikel 37 van die *Suid-Afrikaanse Skolewet*, moet die *beheerliggaam* van 'n *openbare skool* die skoolfondse en bates van 'n *openbare skool* hanteer ooreenkomstig voorskrifte uitgereik deur die *Departementshoof*, met die instemming van die *finansiële hoof*.

[Art. 50 is by art. 27 van Wet 7 van 2010 gewysig.]

Jaarlikse begroting van openbare skool

51. Behoudens die bepalings van artikel 38 van die *Suid-Afrikaanse Skolewet*, moet die *beheerliggaam* van 'n *openbare skool* die jaarlikse begroting van 'n *openbare skool* hanteer ooreenkomstig die riglyne bepaal deur die *Provinsiale Minister*, met die instemming van die *finansiële hoof*.

[Art. 51 is by art. 27 van Wet 7 van 2010 gewysig.]

Verbod op betaling van ongemagtigde vergoeding, of die gee van finansiële voordeel of voordeel in goedere aan sekere werknemers

51A. (1) Behoudens subartikel (2) mag 'n *beheerliggaam* nie aan 'n staatswerknemer aangestel ingevolge die *Wet op die Indiensneming van Opvoeders* of die Staatsdienswet, 1994, enige ongemagtigde—

- (a) vergoeding;
- (b) ander finansiële voordeel; of
- (c) voordeel in goedere,

betaal of gee nie.

(2) 'n *Beheerliggaam* kan aansoek doen by die *Departementshoof* om goedkeuring om aan 'n staatswerknemer enige betaling te betaal wat in subartikel (1) beoog word.

(3) Sodanige aansoek moet op skrif voorgelê word aan die kantoor van die *Departementshoof* en moet aandui—

- (a) volle besonderhede van die aard en omvang van die betaling;
- (b) die proses en bronne wat gebruik sal word om die staatswerknemer te vergoed of te besoldig; en
- (c) die mate van voldoening aan artikel 21A(5) tot (9).

(4) Die *beheerliggaam* moet die aansoek in subartikel (2) beoog ten minste vier maande voor die finalisering van die skoolbegroting indien.

(5) Ondanks subartikel (1) kan 'n *beheerliggaam* reis- en verblyfkooste wat betrekking het op amptelike *skoolaktiwiteite* betaal, maar sodanige uitgawes mag nie groter wees as dié wat onder soortgelyke omstandighede aan 'n staatsamptenaar betaalbaar sou wees nie.

(6) Die *Departementshoof* mag nie 'n aansoek in subartikel (2) beoog, onredelik weier nie.

(7) By die oorweging van die aansoek moet die *Departementshoof* rekening hou met—

- (a) die implikasies vir die werkgewer ingevolge die dienskontrak en arbeidswetgewing;
- (b) of die betrokke diens in die aansoek sal inmeng met die normale dienslewering van die werknemer;
- (c) of die werkgewer reeds vir die betrokke diens in die aansoek betaal het; en
- (d) of die addisionele vergoeding, ander voordele of voordele in goedere die kernaktiwiteite en funksies van die *skool* ondersteun.

(8) Die betaling in subartikel (1) beoog, moet in die *skool* se begroting weerspieël word, soos voorgelê aan die algemene vergadering van *ouers* soos in artikel 38 (2) van die *Suid-Afrikaanse Skolewet* beoog.

(9) Indien 'n *beheerliggaam* sonder die voorafgaande goedkeuring van die *Departementshoof* aan 'n werknemer vergoeding betaal of enige finansiële voordeel of voordeel in goedere in subartikel (1)

beoog gee, moet die bedrag geld wat betaal is of die voordeel wat gegee is, namens die *skool* deur die *Departementshoof* verhaal word van lede van die *beheerliggaam* wat daardie besluit ondersteun het, uitgesonderd 'n lid van die *beheerliggaam* wat 'n minderjarige is.

(10) 'n *Beheerliggaam* kan by die *Provinsiale Minister* appelleer teen—

- (a) die weiering deur die *Departementshoof* van 'n aansoek in subartikel (2) beoog; of
- (b) die versuim van die *Departementshoof* om 'n besluit te verskaf oor 'n aansoek in subartikel (2) beoog, binne drie maande ná die inlewering van die aansoek in die kantoor van die *Departementshoof*.

[Art. 51A is by art. 23 van Wet 7 van 2010 ingevoeg.]

Finansiële rekords en state van openbare skole

52. Behoudens die bepalings van artikel 42 van die *Suid-Afrikaanse Skolewet*, moet die *beheerliggaam* van 'n *openbare skool* die finansiële rekords en state van 'n *openbare skool* hanteer ooreenkomstig die riglyne bepaal deur die *Provinsiale Minister*, met die instemming van die *finansiële hoof*.

[Art. 52 is by art. 27 van Wet 7 van 2010 gewysig.]

Ouditering of ondersoek van finansiële rekords en state

53. Ouditering of ondersoek van finansiële rekords en state van *openbare skole* moet deur die *beheerliggaam* hanteer word ooreenkomstig die bepalings van artikel 43 van die *Suid-Afrikaanse Skolewet*.

[Art. 53 is by art. 27 van Wet 7 van 2010 gewysig.]

Boekjaar van openbare skool

54. Die boekjaar van 'n *openbare skool* begin op die eerste dag van Januarie en eindig op die laaste dag van Desember van elke jaar.

Toepassing van artikel 14 van die Wet op die Indiensneming van Opvoeders ten opsigte van tydelike opvoeders en opvoeders wat op kontrak aangestel word

54A. Artikel 14 van die *Wet op die Indiensneming van Opvoeders* is van toepassing, met die nodige veranderinge wat die samehang vereis, op *opvoeders* wat in tydelike poste aangestel is, *opvoeders* wat op 'n vastetermykontrak aangestel is en *opvoeders* wat op proef is.

[Art. 54A is by art. 24 van Wet 7 van 2010 ingevoeg.]

Geagte ontslag van opvoeder

54B. (1) Indien 'n *opvoeder*, wat hetsy permanent of in 'n tydelike pos of op proef aangestel is, bedank nadat dissiplinêre aanklagte teen hom of haar aanhangig gemaak is, maar voor die dissiplinêre verrigtinge afgehandel is, sal die *opvoeder* geag word ontslaan te wees op grond van sodanige dissiplinêre aanklagte vir die doeleindes van 'n poging tot toekomstige indiensneming as 'n *opvoeder* of as 'n werknemer in die staatsdiens.

(2) Die versuim om die ware feite te openbaar van sodanige dissiplinêre aanklagte en van die bedanking voor die afhandeling van die dissiplinêre verrigtinge in 'n aansoek om aanstelling as *opvoeder* of aan die *Wes-Kaapse Onderwysdepartement*, maak gronde uit vir ontslag.

(3) Indien die *Departementshoof* dit oorweeg om 'n *opvoeder* nie aan te stel nie op grond van die geagte ontslag ingevolge subartikel (1), sal die *Departementshoof* skriftelike voorleggings van die *opvoeder* op die *voorgeskrewe* wyse aanvra, en kan hy of sy enige proses inisieer wat *voorgeskryf* kan wees voordat daar oor die aanstelling besluit word.

[Art. 54B is by art. 24 van Wet 7 van 2010 ingevoeg.]

Tydperk vir die indien van griewe rakende aanstelling of bevordering

54C. Nieteenstaande item 3.1(b)(i) van die *Personeeladministrasiemaatreëls* moet griewe rakende die aanstelling of bevordering van 'n *opvoeder* of *beampte* van die *Wes-Kaapse Onderwysdepartement*, gemaak deur die *Departementshoof*, binne 30 dae van ontvangs van kennisgewing van die betrokke besluit ingedien word.

[Art. 54C is by art. 24 van Wet 7 van 2010 ingevoeg.]

Dispute wat uit artikel 54A of 54B ontstaan

54D. Behoudens die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet 66 van 1995), het die Raad op Arbeidsverhoudinge in die Onderwys jurisdiksie om enige dispuut wat uit artikel 54A of 54B ontstaan, aan te hoor en te bepaal. Die reëls van die Raad op Arbeidsverhoudinge in die Onderwys met betrekking tot die verwysing en bepaling van beweerde dispute oor onbillike ontslag, met die veranderinge wat die samehang kan vereis, is eweneens op sodanige dispute van toepassing.

[Art. 54D is by art. 24 van Wet 7 van 2010 ingevoeg.]

Ongemagtigde persone mag nie 'n openbare skool besoek of die skoolperseel betree nie

55. (1) Die volgende persone het redelike toegang tot die perseel van 'n *openbare skool* of enige *koshuis* verbonde aan sodanige *openbare skool*—

- (a) 'n *leerder* of *personeellid* van die betrokke *skool*;
- (b) die *Provinsiale Minister*, die *Departementshoof* of 'n *beampte* wat ingevolge artikel 9 gemagtig is;

[Para. (b) is by art. 27 van Wet 7 van 2010 gewysig.]

- (c) 'n lid van die *beheerliggaam* van die betrokke *skool*, wat optree met die skriftelike goedkeuring van die voorsitter van sodanige liggaam;
- (d) 'n *ouer* wat in verband met die *onderwys* van sy of haar kind as 'n *leerder* of ten einde 'n skoolbyeenkoms, konsert of ander aktiwiteit van die *skool* waarby sy of haar kind as 'n *leerder* belang het, by te woon;
- (e) 'n besoeker van 'n ander *skool* met die doel om aan 'n sportbyeenkoms of ander skoolaktiwiteite deel te neem;
- (f) lede van die gemeenskap wat op uitnodiging van die *prinsipaal* 'n bepaalde skoolaktiwiteit, of die opvoedkundige program wat die *Departementshoof* goedkeur, bywoon;
- (g) 'n persoon(e) of instansie(s) deur die *prinsipaal* van die betrokke *skool* toestemming verleen om die *skool* of *koshuis* verbonde aan die *skool* te besoek;
- (h) die eienaar van die eiendom waarop die *skool* gevestig is of sy of haar genomineerde; of
- (i) 'n persoon of persone van 'n vakunie wat lid is van die Raad op Arbeidsverhoudinge in die Onderwys, wat vir doeleindes om saam met *opvoeders* te vergader, goedkeuring van die *prinsipaal* ontvang het.

[Para. (i) is by art. 25 van Wet 7 van 2010 vervang.]

(2) Besoeke aan *openbare skole* of enige *koshuis* verbonde aan sodanige *openbare skole*, deur persone van buite wat daarop gemik is om *leerders* aan fisiese, psigometriese en skolastiese ondersoeke te onderwerp of om vertroulike inligting van *leerders* of hulle families te bekom, kan slegs geskied met die vooraf skriftelike goedkeuring van die *Departementshoof*.

Misdrywe met betrekking tot onafhanklike skole

56. Enige persoon wat 'n verbod vervat in artikel 27(1) oortree, is aan 'n misdryf skuldig.

Misdrywe met betrekking tot verpligte skoolbywoning

57. (1) Indien die *ouer* van 'n *leerder* wat aan *verpligte skoolbywoning* onderworpe is sonder voldoende rede en na 'n geskrewe waarskuwing van die *Departementshoof* versuim om die *leerder* gereeld *skool* toe te stuur, is daardie *ouer* aan 'n misdryf skuldig.

(2) Enige persoon wat—

- (a) gedurende die gewone skoolure—
 - (i) gebruik maak van die dienste van 'n *leerder* wat aan *verpligte skoolbywoning* onderworpe is vir enige werk, hetsy teen vergoeding of andersins;
 - (ii) so 'n *leerder* sonder voldoende rede verhinder of ontmoedig om 'n *skool* by te woon;
 - (iii) so 'n *leerder* herberg of wegsteek; of
- (b) 'n *leerder* wat 'n klas, eenheid of *skool* vir *leerders* met *spesiale onderwysbehoefte*s bywoon en wat nie kragtens *hierdie* Wet van sodanige bywoning vrygestel is nie, uit so 'n *skool* verwyder,

is aan 'n misdryf skuldig.

Misdrywe met betrekking tot werksaamhede van bepaalde persone

58. Enige persoon wat—

- (a) 'n persoon wat ingevolge artikel 9 gemagtig is, of 'n *skoolbesoekbeampte*, by die verrigting van sy of haar werksaamhede ingevolge *hierdie Wet*, hinder of belemmer;
 - (aA) die *Hoofevalueerder*, 'n *Adjunkhoofevalueerder* of 'n *Evalueerder* in die verrigting van sy of haar werksaamhede ingevolge *hierdie Wet* hinder of belemmer;
[Para. (aA) is by art. 25 van Wet 4 van 2018 ingevoeg.]
 - (b) weier of versuim om te voldoen aan 'n lasgewing of versoek gerig deur 'n persoon in paragraaf (a) bedoel, by die verrigting van sy of haar werksaamhede ingevolge *hierdie Wet*;
 - (c) weier of versuim om na sy of haar beste vermoë 'n vraag te beantwoord wat aan hom of haar gestel is deur 'n persoon in paragraaf (a) bedoel, by die verrigting van sy of haar werksaamhede ingevolge *hierdie Wet*;
 - (d) opsetlik vals of misleidende inligting verstrek aan 'n persoon in paragraaf (a) bedoel; of
 - (e) enige *opvoeder* by die verrigting van sy of haar werksaamhede hinder of belemmer,
- is aan 'n misdryf skuldig.

Misdrywe met betrekking tot ongemagtigde persone op skoolperseel

59. Iemand wat die bepaling vervat in artikel 55(2) oortree, is aan 'n misdryf skuldig.

Misdrywe met betrekking tot aktiwiteite op skoolpersele

59A. Enige persoon wat artikel 45A(1) of artikel 45B(4) oortree, is skuldig aan 'n misdryf.

[Art. 59A is by art. 26 van Wet 4 van 2018 ingevoeg.]

Strawwe

60. (1) Iemand wat aan 'n misdryf ingevolge *hierdie Wet* skuldig bevind word, is strafbaar by skuldigbevinding—

- (a) in die geval van 'n misdryf in artikel 56 bedoel, met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van drie maande; en
- (b) in die geval van 'n misdryf in artikels 57(1), 57(2)(a), 57(2)(b), 58 en 59 bedoel, met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande;
- (c) in die geval van 'n misdryf in artikel 59A bedoel, met 'n boete van hoogstens R600 000.

[Para. (c) is by art. 27 van Wet 4 van 2018 bygevoeg.]

(2) 'n Reël gemaak kragtens subartikel 7(1)(g) kan, vir 'n oortreding daarvan of versuim om daaraan te voldoen, 'n boete van hoogstens R4 000 en/of gevangenisstraf van hoogstens 2 jaar voorskryf.

(3) Enige persoon wat hom of haar aan artikel 46 van *hierdie Wet* skuldig maak, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n vonnis wat vir aanranding opgelê kan word.

Delegasie van bevoegdhede

61. (1) Die *Provinsiale Minister* kan, behoudens die voorwaardes wat hy of sy bepaal, enige bevoegdheid wat by of kragtens *hierdie Wet* aan hom of haar opgedra is, met uitsondering van die bevoegdheid om 'n kennisgewing te publiseer en die bevoegdheid om te beslis oor enige appèl wat ingevolge *hierdie Wet* by hom of haar aangeteken word, aan die *Departementshoof* of 'n *beampte* delegeer.

(2) Die *Departementshoof* kan, behoudens die voorwaardes wat hy of sy bepaal, enige van sy of haar bevoegdhede by of kragtens *hierdie Wet* of gedelegeer kragtens subartikel (1), aan 'n *beampte* delegeer.

(3) 'n Delegasie ingevolge subartikel (1) of (2) belet nie die *Provinsiale Minister* of die *Departementshoof*, na gelang van die geval, om sodanige bevoegdheid self uit te oefen nie.

[Art. 61 is by art. 27 van Wet 7 van 2010 gewysig.]

Vrywaring teen verlies of skade

62. 'n *Skoolbesoekbeampte* in artikel 10 beoog, is nie aanspreeklik nie vir enige verlies of skade wat veroorsaak word deur of ontstaan uit 'n redelike handeling wat hy of sy kragtens *hierdie Wet* verrig: Met dien verstande dat sodanige *skoolbesoekbeampte* binne die bestek van sy of haar pligte optree.

Regulasies

- 63.** (1) Die *Provinsiale Minister* kan *regulasies*, indien toepaslik, behoudens enige nasionale norme en standaard wat in artikel 146(2) van die *Grondwet* beoog word, uitvaardig betreffende—
[Woorde wat para. (a) voorafgaan, is by art. 26(a) van Wet 7 van 2010 en art. 28(a) van Wet 4 van 2018 vervang.]
- (a) die bestuur van en die beheer oor *koshuise* en *openbare skole* en die beheer oor die onroerende eiendom en toerusting van die *Wes-Kaap Onderwysdepartement*;
 - (b) (i) die ontvangs en gebruik van geld of ander goed deur *openbare skole* en *koshuise* aan sulke *openbare skole* verbonde, en die boeke, aantekeninge en state wat deur die liggame of persone in die *regulasies* vermeld, in verband daarmee gehou moet word; en
 - (ii) die wyse waarop sodanige boeke, aantekeninge en state gehou moet word, die ouditering daarvan en die opgawes en verslae wat in verband daarmee voorgelê moet word;
 - (c) die pligte van *skoolbesoekbeamptes*;
 - (cA) effektiewe prestasie-evaluering van *skole*, *opvoeders* en *leerders*;
 - (cB) prestasie-ooreenkomste tussen die *Departementshoof* en *prinsipale*, adjunkprinsipale en kantoorgebaseerde *opvoeders*;
 - (cC) minimum onderrigure per skoolweek en skooldag;
 - (cD) die verklaring van persoonlike belang van lede van *beheerliggame* in die verkryging van goedere en dienste vir *skole*;
 - (cE) dissiplinerings, skorsing en uitsetting van *leerders*;
 - (cF) norme en standaard vir basiese infrastruktuur en kapasiteit in *openbare skole*;
 - (cG) die besoek en evaluering van *skole*;
 - (cH) die uitreiking deur die *Departementshoof* van prestasieaanwysers wat bindend op alle *skole* is;
- [Para. (cA) tot (cH) is by art. 26(b) van Wet 7 van 2010 ingevoeg.]
- (cI) die befondsings- en bestuursmodelle vir *saamwerksskole* en *donateurbefondsde openbare skole*;
 - (cJ) die norme en standaard vir die toestaan van subsidies aan *onafhanklike skole*;
 - (cK) die bevordering en vordering van *leerders* by *openbare skole*;
 - (cL) die norme en standaard vir 'n *intervensiefasiliteit*;
 - (cM) die toelating van *leerders* tot *openbare skole*;
 - (cN) die verkryging van goedere en dienste in verband met *onderwys* in die *provinsie*;
 - (cO) die monitering van, en toegang tot, 'n *onafhanklike skool*;
 - (cP) die prosedure vir registrasie as 'n *onafhanklike skool*;
- [Para. (cI) tot (cP) is by art. 28(b) van Wet 4 van 2018 ingevoeg.]
- (d) enige aangeleentheid wat kragtens *hierdie Wet* by *regulasie voorgeskryf* moet word of kan word; en
 - (e) in die algemeen, enige aangeleentheid wat die *Provinsiale Minister* nodig of dienstig ag om voor te skryf ten einde die oogmerke van *hierdie Wet* te bereik, en die algemeenheid van hierdie paragraaf word nie deur die voorafgaande paragrafe beperk nie.
- (2) Die *Provinsiale Minister* vaardig geen *regulasie* betreffende enige geld of toelae betaalbaar aan of deur iemand, of betreffende die beheer oor geld en Staatsgoedere, uit nie, behalwe met die instemming van die *finansiële hoof*.
- (3) 'n *Regulasie* beoog in subartikel (1) kan vir 'n oortreding daarvan of 'n versuim om daaraan te voldoen, 'n boete, of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een jaar *voorskryf*.
[Art. 63 is by art. 27 van Wet 7 van 2010 gewysig.]

Herroeping van wette en voorbehoud

- 64.** (1) Behoudens die bepalings van subartikel (2), word die wette in die eerste kolom van die Bylae vermeld hierby herroep in die mate in die derde kolom van daardie Bylae uiteengesit.
- (2) Enigiets wat ingevolge 'n bepaling van 'n wet wat by subartikel (1) herroep word, gedoen is of geag word gedoen te gewees het en wat ingevolge *hierdie Wet* gedoen kan of moet word, word geag ingevolge die ooreenstemmende bepaling van *hierdie Wet* gedoen te wees.
- (3) Alle wette, *regulasies*, kennisgewings en lasgewings uitgevaardig of uitgereik kragtens 'n wet wat by *hierdie Wet* herroep word, en wat onmiddellik voor die *vasgestelde datum* van krag was, bly ondanks sodanige herroeping van krag behalwe in soverre dit onbestaanbaar of strydig is met *hierdie Wet*, of totdat dit deur die *Provinsiale Minister* herroep, ingetrek of gewysig word by *regulasie*, kennisgewing of lasgewing, ingevolge *hierdie Wet*.

[Subart. (3) is by art. 27 van Wet 7 van 2010 gewysig.]

Kort titel

65. *Hierdie Wet* heet die Wes-Kaapse Provinsiale Wet op Skoolonderwys, 1997, en tree in werking op 'n datum wat die *Premier* by proklamasie in die *Provinsiale Koerant* bepaal.

BYLAE

WETTE HERROEP

No. en jaar van Wet	Titel	In hoeverre herroep
Wet No. 47 van 1963	Wet op Onderwys vir Kleurlinge, 1963	Die geheel, behalwe artikels 1A, 8 tot 20, 26, 28 tot 31, en vir sover dit op onderwyskolleges betrekking het
Wet No. 61 van 1965	Wet op Onderwys vir Indiërs, 1965	Die geheel, behalwe artikels 1B, 3B, 8 tot 20, 26, 28, 29, 31, 33(1)(g), en vir sover dit betrekking het op onderwyskolleges en tegniese kolleges
Wet No. 60 van 1967	Wysigingswet op Onderwys vir Indiërs, 1967	Die geheel
Wet No. 76 van 1967	Wysigingswet op Onderwys vir Kleurlinge, 1967	Die geheel
Wet No. 92 van 1970	Verdere Algemene Regswysigingswet, 1970	Artikel 13
Wet No. 53 van 1973	Wysigingswet op Onderwys vir Kleurlinge, 1973	Die geheel
Wet No. 62 van 1973	Algemene Regswysigingswet, 1973	Artikel 31
Wet No. 94 van 1974	Tweede Algemene Regswysigingswet, 1974	Artikel 39
Wet No. 29 van 1976	Wysigingswet op Onderwys vir Kleurlinge, 1976	Die geheel
Wet No. 95 van 1976	Tweede Wysigingswet op Onderwys vir Kleurlinge, 1976	Die geheel
Wet No. 39 van 1979	Wysigingswet op Onderwys vir Indiërs, 1979	Die geheel
Wet No. 50 van 1979	Wysigingswet op Onderwys vir Kleurlinge, 1979	Die geheel
Wet No. 90 van 1979	Wet op Onderwys en Opleiding, 1979	Die geheel, behalwe artikels 1A, 3, 4, 11 tot 29, 31, 32, 43, 44(1)(h), en vir sover dit betrekking het op tegniese kolleges en onderwyskolleges
Wet No. 15 van 1980	Wysigingswet op Onderwys vir Kleurlinge, 1980	Die geheel
Wet No. 52 van 1980	Wysigingswet op Onderwys en Opleiding, 1980	Die geheel
Wet No. 9 van 1981	Wysigingswet op Onderwys vir Indiërs, 1981	Die geheel
Wet No. 10 van 1981	Wysigingswet op Onderwys en Opleiding, 1981	Die geheel
Wet No. 85 van 1983	Wysigingswet op Onderwys vir Kleurlinge, 1983	Die geheel
Wet No. 74 van 1984	Wysigingswet op Onderwys en Opleiding, 1984	Die geheel
Wet No. 78 van 1984	Wysigingswet op Onderwys vir Indiërs, 1984	Die geheel
Wet No. 64 van 1985	Wysigingswet op Onderwys vir Indiërs, 1985	Die geheel
Wet No. 71 van 1985	Wysigingswet op Universiteite vir Swartes, Teknikons (Onderwys en Opleiding) en Onderwys en Opleiding, 1985	Artikel 36

Wet No. 76 van 1985	Wysigingswet op Onderwys vir Kleurlinge, 1985	Die geheel
Wet No. 3 van 1986	Wysigingswet op Universiteite en Teknikons vir Swartes, Tersiêre Onderwys (Onderwys en Opleiding) en Onderwys en Opleiding, 1986	Artikels 19, 20, 21, 22, 23, 24 en 25
Wet No. 100 van 1986	Wysigingswet op Onderwys (Raad van Afgevaardigdes), 1986	Artikels 1, 2, 3, 4, 5, 6 en 7
Wet No. 104 van 1986	Wet op Private Skole (Volksraad), 1986	Die geheel, behalwe artikel 1A
Wet No. 95 van 1987	Wysigingswet op Onderwyswetgewing (Onderwys en Opleiding), 1987	Artikels 5, 6, 7, 8, 9, 10, 11, 12 en 13
Wet No. 31 van 1988	Wysigingswet op Onderwyswetgewing (Onderwys en Opleiding), 1988	Artikels 9, 10, 11, 12, 13, 14, 15, 16, 17 en 18
Wet No. 70 van 1988	Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988	Die geheel, behalwe artikels 3 en 65 en Hoofstuk 7
Wet No. 35 van 1989	Wysigingswet op Onderwys en Opleiding, 1989	Die geheel
Wet No. 42 van 1990	Wysigingswet op Onderwys en Opleiding, 1990	Die geheel
Wet No. 60 van 1990	Wysigingswet op Private Skole (Volksraad), 1990	Die geheel
Wet No. 88 van 1991	Wysigingswet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1991	Die geheel
Wet No. 100 van 1991	Wysigingswet op Onderwys en Opleiding, 1991	Die geheel
Wet No. 39 van 1992	Wysigingswet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1992	Die geheel
Wet No. 55 van 1992	Wysigingswet op Onderwys en Opleiding, 1992	Die geheel
Wet No. 106 van 1992	Tweede Wysigingswet op Onderwys en Opleiding, 1992	Die geheel
Wet No. 112 van 1992	Wysigingswet op Onderwys vir Kleurlinge (Raad van Verteenwoordigers), 1992	Die geheel
Wet No. 36 van 1993	Wysigingswet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1993	Die geheel
Wet No. 50 van 1993	Wysigingswet op Onderwys vir Indiërs (Raad van Afgevaardigdes), 1993	Die geheel
Wet No. 132 van 1993	Vierde Algemene Regswysigingswet, 1993	Artikel 15
Wet No. 139 van 1993	Wysigingswet op Onderwyswette (Volksraad), 1993	Artikel 1
Wet No. 162 van 1993	Tweede Wysigingswet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1993	Die geheel
Wet No. 10 van 1994	Wes-Kaapse Wet op Skoolonderwys, 1994	Die geheel
Wet No. 7 van 1996	Wes-Kaapse Wysigingswet op Skoolonderwys, 1996	Die geheel